THE BILINGUAL NEWS MAGAZINE FOR OPINION-FORMERS

Vrye Weekblad

29 NOVEMBER - 5 DESEMBER 1991 R2,20 (BTW Ingesluit)

























DIE SIEL VAN eGOLI

Is die PW-band regtig vernietig?

Broederbond-manewales in die SAUK

Jan Rabie sê sy omstrede sê

INHOUD

4 Die PW-Mandela-band bestaan dalk nog
NP en ANC stem wel saam oor tussentydse regering
6 Dit sal meer kos as 'n vlag en 'n volkslied in Suid-Afrika
7 Dr Pieter Erasmus: 'n Slagoffer van die Broederbond
8 Esma Anderson skryf oor karaoke-kroeë
11 An edited version of Nelson Mandela's Idasa conference address
12 Sportrubriek deur Tinus Horn
Brolloks en Bittergal
13 Wêreld: Major daag die Ystervrou
Ekonomie-wipplank kan Bush uit die saal lig
14 World: Khmer Rouge may be driven to violence again
Tienduisende spook in die moordvelde
15 Kenia: Arap-Moi bends under pressure of Ouko's murder
Zaire: political adventurer Karl I Bond
16 Jan Rabie word 71 jaar oud
18 Fiksie deur Theunis Engelbrecht
19 Boeke: Bob Woodward - The Commanders
20 Geldstad. Goudstad. Geweldstad. eGoli
22 Jo'burg's inner city blues
23 The madness and civilisation of Yeoville
Straatkinders, tatoo's en gomsnuifers laat Hillbrow leef
24 Van Bellville na Mellville - Lochner de Kock
26 Andrea Vinassa writes about the movie Mapantsula
28 Teater: Nice people the Jones' - resensie deur Charl-Pierre Naudé
29 Kapitalistiese vervreemding kan oorwin word - Johan Bruwer skryf oor gebruikskuns
31 Tienie du Plessis skryf oor tegnologiese ontwikkeling en die omgewing
35 Elmari Rautenbach skryf oor die week se TV
38 Vrye keuse
39 Nettie Pikeur braak gal oor slegte kelners

VWB

DIE NUUSTYDSKRIF VIR MENINGSVORMERS

N° 154

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).
Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breestraat 153, Newtown, Johannesburg. Die posadres is: Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836 2151 en die faksnommer 838 5901. Die Kaapstad-kantoor se telefoonnommer is (021) 47 8960 of 47 8819, en die Pretoria-kantoor (012) 834 879.

Redakteur: Max du Preez
Assistent-redakteurs: Jacques Pauw, Andrea Vinassa (Kuns), Ina van der Linde
Politieke korrespondent: Hennie Serfontein
Kopieredakteur: Johan Bruwer
Ontwerp: Anton Sassenberg
Kaapse kantoor: Christelle Terreblanche
Redaksie: Pearlie Joubert, Esma Anderson, Lucky Khuzwayo.
Advertensies: Joyce Dube, Louwrins Potgieter
Redaksie-assistent: Irene Zulu
Kantoorbestuur: Joseph Moetasi, Vernon Zulu.
Bestuurskonsultant tot Wending Publikasies Beperk: Mark Beare

Vrye Weekblad word gedruk deur Caxton Beperk, Kommandoweg, Industria.
Vrye Weekblad kos R2,20 (BTW ingesluit) Dit kos R110 (BTW en aflewering ingesluit) om vir 'n jaar in te teken, en R40 (BTW ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die tydskrif R2,20 plus verkoopsbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is by navraag by (011) 497 2911 beskikbaar.
Probleme met verspreiding moet gerig word aan Louwrins Potgieter of Irene Zulu by (011) 836 2151.

VRYDAGOGGEND

Spioen teen spioen

Net toe ons dink die jaar 1991 raak 'n bietjie vervelig hier teen die einde se kant, toe kom die Groot Krokodil en NI-baas Niel Barnard en kikker dit op met hulle prettige bandopname-episode.

En watter giggel-lekker leesstof was die transkripsie van die gesprek tussen die twee nie! PW op sy onsmaaklike, kragdadige beste, en die arme Niel wat soos 'n stout skoolseun net Ja meneer, nee meneer, ekskuus meneer.

Ons spioenbaas 'n man van staal? Se voet. Niemand skrik ooit weer vir hóm nie. 'n Nerd, as jy my vra.

Die hele bandopname-debakel het bittermin relevansie vir die politiek van vandag. Maar dit is goed dat dit gebeur het, want dit gee die gewone burger 'n bietjie insae in wat in die geheime onderwêreld van ons intelligensie- en veiligheidsdienste aan die gang is.

Daar is 'n lang geskiedenis van wedywering - selfs aktiewe ondermyning - tussen Nasionale Intelligensie, vroeër die Buro vir Staatsveiligheid - algemeen bekend as BOSS, en die Afdeling Militêre Intelligensie en

MAX DU PREEZ

die Veiligheidspolisie.

So het militêre intelligensie (MI) in die sestigerjare, toe PW Botha Minister van Verdediging geword het, by geleentheid verskeie van hul eie mense gearresteer en vir weke in detensie-barakke aangehou. Dit het gebeur toe MI uitvind dat hulle in werklikheid in die geheim deur die Republikeinse Intelligensie Diens (RID) gerekruteer is.

RID was 'n spesiale eenheid deur genl Lang Hendrik van den Bergh gestig toe hy hoof van die Veiligheidspolisie was. Dit was die voorloper van die latere Boss wat in 1968 deur Van den Bergh as 'n super-spioenasie-organisasie geloods is.

Dit het gelei tot intense wedywering, oorvleueling en selfs ondermyning van mekaar deur die veiligheidspolisie, Boss en MI. Die konfrontasie tussen die Veiligheidspolisie en hul vorige kollegas was veral bitter.

So erg was dit dat in die vroëe jare sewentig die veiligheidspolisie onder leiding van Generaal Tiny Venter - 'n vorige boesemvriend van Van den Bergh - by verskeie geleenthede BOSS-agente gearresteer en in die geheim aangekla het omdat hulle hulself valslik as lede van die veiligheidspolisie voorgedoen het.

Van den Bergh was as vertroueling en persoonlike vriend van John Vorster die magtigste man in die land. Hier, in die buurstate en in die buiteland het hy probeer God speel en niemand ontsien nie. Hy het die politiek - wit en swart - gemanipuleer, in die private lewens van duisende mense laat inmeng - selfs

BRIEWE

BEDENKINGE OOR FW

Hendrik Jaars van Heidedal skryf:
Ek wil graag aansluit by Max du Preez se artikel: Wat lê agter die nuwe kragdadige Boerepolitiek? (VWB 15-21 November). Soos so baie Suid-Afrikaners het ek ook gegryp na die strooihalmpie van hoop van die kant van die De Klerk regering dat hy ons in 'n nuwe era van versoening en demokratisering sal inlei. Maar nadat De Klerk sy paar verrassende sprongе gemaak het, het dit gou duidelik geword dat De Klerk 'n ander soort spel speel - met ander woorde De Klerk se beeld as wonderwerker is besig om te taan. Mense sal hom dus nou begin oordeel aan die werklikheid van die situasie.

Gerrit Viljoen se striemende aanval op Nelson Mandela omdat hy die VPK (veelparty-kongres) datum bekend gemaak het is weer eens 'n bewys dat die regering gewoond is om sake eensydig te reël en afkondigings van dié aard te doen.

Boonop lees ons in koerante weke gelede dat die VPK op die 29 November plaasvind in Johannesburg. Die regering is gewoond daaraan om sy vuis op die tafel te slaan, en 'n ding deurvoer as hy hom deurgevoer wil hê. De Klerk het regtig nie erns gemaak met die situasie van geweld nie. Ek begryp nie hoekom President De Klerk so lamlendig is as dit by die hantering van geweld kom nie, terwyl hy so ongelooflik sterk kan wees as dit by ander sake kom.

Ek het ernstige bedenkinge oor die rol wat De Klerk in ons land speel. Daar kan by niemand twyfel wees dat hy 'n goed bedoelde strategie het om die ANC en ander te verlam nie. Hy stel dus nie belang in demokrasie en 'n oop en skoon regering nie.

President De Klerk wil êrens kom met die verandering in Suid-Afrika, maar hy wil net kom waar hy wil wees. Hy wil nie kom waar die onderhandelingsproses hom bring nie.

De Klerk se verslaafheid aan die groepsgebod is nog 'n bewys dat hy nog met 'n hele klomp truuks kom wat die vredesproses sal vertraag. FW De Klerk is maar net nog 'n Nasionale Party politikus wat partybelange bo dié van landsbelange plaas.

PW Botha het ook so goed begin as wat De Klerk weggespring het. Maar hy was nie groot genoeg nie, hy het nie genoeg durf gehad nie. Uiteindelik was hy vir almal, insluitende sy party, 'n helse verleentheid en het die ganse beskaafde wêreld 'n sug van verligting geslaak toe hy bedank het. De Klerk se skielike dikvinger swaaiery na sy opposisie, bevestig my jarelange vermoede dat daar nie eintlik 'n verskil is tussen De Klerk en Botha nie. Dit wil my voorkom asof De Klerk nie die gevolge van sy 2 Februarie toespraak verstaan het nie.

Die De Klerk-regering sal net 'n ware nuwe regering met 'n toepaslike regeringstyl kan wees as hulle 'n fundamenteel veranderde gemeenskap in 'n volwaardige demokrasie met harte en koppe begin aanvaar.

Toe De Klerk op 20 September 1989 ingehuldig is as Suid-Afrika se nuwe staatspresident, het ek geweet hy is nie die man wat ons uit die gemors sal haal waarin die Nasionale Party ons ingedruk het nie.

Kortom, De Klerk verdien dit nie om Suid-Afrika se staatspresident te wees nie.

GEE FW 'N KANS

Francois Rousseau van Lichtenburg skryf:
Baie objektief wil ek President De Klerk in sy hoedanigheid as leier van die Nasionale Party verdedig teen die aanslag in u artikel "Wat lê agter die nuwe Kragdadige Boerepolitiek" (VWB 15-21 November). 'n Lid of ondersteuner van die NP is ek voorwaar nie, maar ek dink Max du Preez verloor in sy toegewyde stryd teen apartheid uit die oog dat die NP steeds 'n afsonderlike party is omring deur opposisie. Dit is heeltemal in orde as hy sy opposisie (hetsy huidige of toekomstige) kritiseer. Maar laat hy dit waag om dit na die linkerkant te doen, dan's hy 'n konserwatis en boerepolitikus. Gee die man 'n bietjie ruimte! Dankie vir julle andersins uitstekende koerant/tydskrif.

DÍS MOS HOE 'N TYDSKRIF LYK

D Seymore van Brixton skryf:
Hiep-hiep-hoera, God seën toe Suid-Afrika met twee skerp gesuperponeerde "Rooi Komplot" horinkies van Afrika op 'n Vrye Voorblad! Anton Sassenberg jou bakgat bliksem, vir die eerste keer lyk my krant nou (gebind en gesny of de not) soos 'n lekker nuustydskrif.

dié van kabinetsministers - en in 'n stadium só magsugtig geraak dat hy openlik verklaar het dat hy mense wat hom teëgaan, sal laat elimineer.

Dit is bekend dat dit Boss was wat in 1975 fisiek militêre eenhede op die laaste oomblik verhoed het om klandestien die Portugese te hulp te snel met die Frelimo oorname in Mosambiek. Dit het PW en sy militêre makkers bitter gelaat.

Van den Bergh het vandeesweek aangekondig dat hy Botha gaan dagvaar oor wat hy oor die Buro in sy afranseling van Barnard gesê het. Botha het na Boss as 'n "korrupte departement" en 'n "swak spul" verwys.

Die wedywering tussen Boss en Militêre Intelligensie was intens, en dit was juis dié wedywering wat uiteindelik meegehelp het om die Inligtingskandaal in die ope te bring en Boss en Van den Bergh te sink.

Die Inligtingskandaal was 'n fyn spel van manne soos PW en Pik Botha om Vorster en Connie Mulder by te kom en as politieke opponente te elimineer.

Toe Vorster sink, toe staan PW reg om 'n verswakte Connie Mulder, die kroonprins in daardie dae, te verslaan.

Toe PW as Eerste Minister in sy nuwe kantoor in die Uniegebou instap, toe vind sy handlangers van Militêre Intelligensie uit Boss luister na al sy gesprekke. PW het glo ontplof.

Botha was as minister van Verdediging altyd 'n militêre man en baie naaan dié establishment.

Botha het blitsvinnig vir Boss ongedaan gemaak, NI in sy plek geskep en Militêre Intelligensie al die mag gegee wat Boss eens gehad het. Om seker te maak dat NI nie vir hom 'n probleem gaan word nie, het Botha 'n onervare akademikus in sy vroeë dertigs, Niel Barnard, as die hoof daarvan aangestel.

Die militêre, met MI vooraan, het die blanko tjek wat Botha hulle gegee het, ten volle benut. Daaruit is die totale aanslag-ideologie, destabilisering van die buurstate en die oppermagtige staatsveiligheidsraad-strukture gebore waarvoor die PW Botha-bewind berug geword het. Dit was in dié kultuur wat ondinge soos amptelike moordbendes moontlik geword en gefloreer het.

Dit was weer dié oordadige mag wat tot Botha se ondergang gelei het.

FW de Klerk was nooit na aan die militêre of die ander veiligheidsdienste nie. Toe hy by Botha oorneem, het die wiel weer gedraai. NI, wat regstreeks onder die staatspresident val, se ster het weer gerys, MI is in die bek geruk en die staatsveiligheidsraad is ontman.

Nou word Barnard deur die ander veiligheidsdienste gesien as die man wat met De Klerk saamloop in die hervormings die laaste twee jaar.

Die ironie is dat Barnard maar self bitter swaar sluk aan De Klerk se "Nuwe Suid-Afrika" en eintlik self nog 'n "totale aanslag"-mentaliteit het.

Die les van dit alles? Ja, ons moet 'n intelligensiediens van 'n soort hê. Maar kom ons beheer hulle beter en hou hulle in vadersnaam uit ons politiek uit.

SO SÊ HULLE

Toe my oë Vrydag daai rak slaat, toe koop ek sommer twee (een vir af-show en een vir lees). Boonop is Andrew Bannister en Southlight se foto's stunning. So nog 'n hoera vir die VWB: ek lees, maar ek kyk ook!

HETERO-SEKSISME

Francois van der Merwe van Arcadia, Pretoria skryf:

Van harte geluk met u Vrye Weekblad advertensie op bladsy 30 VWB 15-21 Nov. Die feit dat u eksplisiet sê dat u blad "non-hetero-sexist" is, getuig van geestelike en intellektuele openheid en die erns waarmee u blad basiese menseregte hanteer. U was op die voorpunt om die publiek in te lig oor die apartheidsregime se moordbendes. U het baie gedoen om basiese onreg wat daagliks in hierdie land gepleeg word, te ontbloot. Dié is die tipe koerant wat ek met trots aan my (Nederlandssprekende) vriende in Europa kan wys.

Die gays in Suid-Afrika se basiese menseregte word daagliks deur die NP se sekswette misken. Daagliks word daar op elke vlak teen gays gediskrimineer.

Weet enigiemand van één openlik gay polisieman, onderwyser of NG predikant? In Suid-Afrika moet hierdie mense hulle closets van binne af toesluit.

(Brief effens verkort - red)

OUERS MOET HELP

JG Robyn van Stellenbosch skryf:

Ek wil graag vir u my mening oor kinderregte gee na aanleiding van Marlene Winberg se artikel in VWB 1-6 Nov.

Die rede waarom ek hierdie brief skryf, is omdat ek ook vroeër in my lewe gedagtes van selfmoord gewissel het. As kind wou ek altyd van die huis af wegloop op soek na 'n oplossing vir my probleme en frustrasies. Ek het self op 'n keer vir my 'n sak vol klere gepak, maar toe ek op die stoep staan met my sak in my hand, reg om te loop, het my moed my begewe.

"Bevryding" is elke kind se oplossing vir sy of haar probleme, maar dis geen oplossing as hulle dit soek in dwelmmiddels of selfmoord nie. Slegs as hulle bevryding soek in 'n goeie verhouding met hulle ouers, sal die probleem opgelos word.

Die rede vir die groot aantal kinderselfmoorde, is die gebrek aan 'n goeie verstaans-verhouding tussen ouers en kinders.

As kinders dit nie by hulle ouers vind nie, kry hulle dit by slegte vriende en wêreldse euwels.

Ons ouers is gewoonlik ons rolmodelle. My ouers was vir my die ideale persone om na te volg. Ek glo deur hulle voorbeeld en die beeld wat hulle uitdra, kan hulle kinders red van sinnelose dade.

My boodskap aan alle kinders is dat die tyd van molestering en die seer van apartheid nog lank in ons sal woed, maar ons moet voortgaan en volhou met positiewe denke. Staan op uit die modder en begin vorentoe kyk.

As 17-jarige standerd nege leerling, is dit vir my 'n voorreg om elke week 'n goeie gehalte onafhanklike nuustydskrif soos Vrye Weekblad te koop. VWB het vir my in moeilike tye antwoorde gegee op baie onbeantwoorde vrae.

(Brief ingrypend verkort - red)

LEKKER PIKEUR

Anna-Griet Voigt van Potchefstroom skryf:

Nettie Pikeur skryf in haar rubriek (VWB 15-21 Nov) dat ons nie grootgeword het met eiervrug en prei nie.

Ek het in Natal grootgeword met albei.

My ma, en ek vandag nog, sny die eiervrug in die lengte deur en kook tot net sag genoeg om die vleis maklik uit te haal. Meng dit met broodkrummels, knoffel, fyngekapte uie en fyngekapte tamaties. Skep terug in die bootjie en strooi gerasperde kaas oor. Bak tot die kaas lekker ingetrek het. Sampioen (paddastoel soos ons dit noem) kan bygevoeg word. Ons het hulle in die swartbasplantasies gepluk.

My ma het Vrydag 'n kapater gekoop, sewe sjielings en 'n sikspens op die hoef, en elke Sondag het ons bredie geëet (wat vandag potjiekos genoem word). Dit was die vleisstukke wat vandag vir potjiekos gebruik word (nek by) saam met aartappels, uie, witwortels, geelwortels, sampioene, prei en marogga.

As mense neusoptrekkerig praat oor boerbokvleis dan bly ek stil. Nie omdat ek skaam is dat ons dit geëet het nie maar omdat die Bybel my leer om die sot nie op sy dwaasheid te antwoord nie. Ek geniet Nettie se rubriek baie en gebruik baie van haar resepte. Ander is vir my te prysig maar dis interessant.

"The suit wears him and he will never live down the underpants."
***Arena Magazine** in Britain in naming prime minister John Major the worst dressed man in Britain.*

"Ek weet jy is haastig dr Barnard, maar ek gaan nog vir jou tee gee ook. Jy sal my vrae vandag beantwoord op band."
***PW Botha** aan die direkteur van Nasionale Intelligensie, Niel Barnard, tydens die bandopname-rel.*

"An interesting and novel experience... a facet of India I hadn't seen."
*Romanian diplomat **Liviu Radu**, who was kidnapped by Sikh militants and released after seven weeks.*

"Ek wonder dikwels of die vrou nie groter klem op haar borste se voorkoms plaas vanweë die druk van die gemeenskap nie."
***Anne-Marie Wentzel**, president van die Sielkunde Vereniging van Suid-Afrika*

"People around here have soul. I don't think I want to move on."
***White man Nico**, former rolling stone, who settled in Pabalelo, the black township of Upington, eight years ago. The famous "Upington 26" is also from Pabalelo, of whom 14 were sentenced to death for the murder of a black policeman.*

"As ek nie 'n akteur was nie sou ek 'n moordenaar, of die slagoffer van 'n moordenaar gewees het."
*Die Duitse akteur, **Klaus Kinski**, wat vandeesweek oorlede is.*

"Tupperware."
***A beauty contestant** to the question "What is your favourite dish?"*

"Ek wil vir die mense sê om dit wat verby is te vergeet."
***Khieu Samphan**, leier in die Khmer Rouge, wat duisende Kambodjane in 'n skrikbewind gemartel en daarna grusaam vermoor het.*

"Don't, there are some journalists!"
*A **Serb fighter** to her comrades who were about to kill a Croate prisoner of war.*

Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan:
VRYE WEEKBLAD BRIEWE, POSBUS 177, NEWTOWN 2113.

KOM ONS GAAN DIE TOEKOMS IN TESAME



Ons by Southern-Lewens glo dat openhartige en deurlopende kommunikasie tussen werkgewers en werknemers, en enige verteenwoordigersliggame, die enigste manier is om betekenisvolle werknemersvoordelereëlings te ontwikkel.

Gesels met jou makelaar of konsultant oor Southern-Lewens se omvattende werknemersvoordelediens – saam, kan ons 'n toekoms beplan wat op begrip gegrond is.

Saam, bereik ons meer

Die Southern-Lewensassosiasie Beperk
Reg no 01/02186/06

BURROW COMMUNICATIONS 5088/A

DIE PW-MANDELA-BANDOPNAME *bestaan dalk nog*

Is die geheime bandopname van die historiese gesprek tussen oud-president PW Botha en Nelson Mandela op 5 Julie 1989 inderdaad vernietig? **HENNIE SERFONTEIN** het dié week wyd met regerings- en intelligensiemense gesels en vertel van die verdere gewoel en geskinder rondom dié eienaardige debakel

Niel Barnard

'n SENIOR man in die Nasionale Intelligensiediens het dié week teenoor sy vriende gespog dat hy die gewraakte bandopname steeds in sy besit het, glo "op 'n plek waar PW nooit sy hande daarop sal kan lê nie."

Onafhanklik hiervan is daar ook in ander hoë kringe dié week twyfel uitgespreek of die band werklik vernietig is, en of dit nie maar net 'n ekskuus was om dit uit PW Botha se hande te hou nie - uit vrees dat hy in sy huidige verwoestende bui moontlik iets daarmee kan aanvang in die sensitiewe periode aan die begin van die onderhandelingsproses met die ANC.

Ingevolge die Wet op die Beveiliging van Inligting, waaronder VWB se redakteur reeds 'n opgeskorte vonnis het, mag die betrokke NI-man se naam nie bekend gemaak word nie. Die man het die opmerking verlede week met sekere besonderhede teenoor 'n ou en gerespekteerde veiligheidsbron van VWB gemaak. Hy het vandeesweek egter geweier om VWB se vrae daaroor te bespreek.

Die hoof van die gewese Buro vir Staatsveiligheid, genl. Hendrik van den Bergh het vandeesweek aangekondig dat hy Botha gaan dagvaar oor sekere uitlatinge wat hy oor die Buro in sy afranseling van Barnard gemaak het. Botha het na die Buro as 'n "korrupte departement" en 'n "swak spul" verwys.

Een van die merkwaardigste aspekte van die Botha-Barnard-konfrontasie was sekerlik Botha se reguit beskuldiging dat NI "op my familie spioeneer" en "ons telefoongesprekke afluister".

Bronne na aan die veiligheidsdienste wys daarop dat Botha nie dié beskuldiging sou gemaak het tensy hy of oor konkrete inligting beskik, of uit veiligheidskringe daaroor gewaarsku is nie.

Uit Botha se beskuldiging blyk dat hy nie net na homself nie, maar ook na sy kinders verwys het. Botha het drie dogters - Elanza, Amalie en Rossanne - en twee seuns - Pieter en Rossouw.

Dit is ironies dat die oudste seun, Pieter, self jare lank aan Militêre Intelligensie of in frontmaatskappye daarvan verbonde was. Die jong Botha was glo 'n sleutelfiguur in die ondersteuning van die SAW vir Unita.

Sy hoof-verantwoordelikheid vir 'n aantal jare was blykbaar die verskaffing en aankoop van wapens vir Unita. In dié hoedanigheid het hy 'n aantal uiters geheime besoeke aan die Chinese hoofstad Beijing afgelê, jare voordat Suid-Afrikaners amptelik daar toegelaat is. China was vir dekades 'n belangrike ondersteuner van Unita.

Die teorie in sekere hoë kringe is dat instansies regstreeks of onregstreeks verbonde aan een van die veiligheidsdienste twee weke gelede die nuus van die vermiste bandopname aan die Sondagpers gelek het.

Die doel was blykbaar om Barnard in die verleentheid te stel. Daar word gesê dat die gegriefdes in die veiligheidsdienste vir NI en veral vir Barnard self as 'n integrale deel van die nuwe rigting van onderhandeling sien. NI was glo van die eerste mense wat met die ANC in die buiteland kontak gemaak het.

In regeringskringe word gesê dit is insiggewend dat die berekende lekkasie oor die "vernietigde" Mandela-bande plaasvind op 'n stadium dat Barnard en NI in die politieke spervuur is oor onthullinge dat ten minste twee NI-agente die KP geïnfiltreer het om op hulle te spioeneer. In 'n lang omslagtige verduideliking het De Klerk dit later erken, maar ontken dat die infiltrasie party-politieke oogmerke gehad het.

DIS WAAR: NP EN ANC STÉM SAAM

Of daar nou 'n formele "ooreenkoms" tussen die ANC en NP was oor 'n tussentydse regering, soos die PAC nou beweer, of nie, die feit bly staan dat die NP en ANC in die laaste tyd wyd daaroor gesels het en baie na aan mekaar staan oor dié soort sake, berig **HENNIE SERFONTEIN**

DIE verslag wat dié week deur die PAC "onthul" is oor die onlangse private ontmoeting tussen Thabo Mbeki, die ANC se hoof van buitelandse sake, en ministers van Afrika-lande in New York, is in essensie akkuraat ten opsigte van die belangrikste aspekte.

Volgens die PAC bevestig dit 'n "geheime ooreenkoms" wat reeds tussen die ANC en die regering bereik is oor sake soos die instelling van 'n tussentydse regering (TR) so vroeg as Februarie volgende jaar; die uitstel of vertraging van die instelling van die omstrede grondwetgewende vergadering; die wysiging van die referendum-wet; en die praktiese reëlings van die voorgestelde veelparty konferensie (VPK) die derde week van Desember.

Gerrit Viljoen, die minister van Staatkundige Ontwikkeling, en Cyril Ramaphosa, die sekretaris-generaal van die ANC, het albei kategories ontken dat enige geheime ooreenkomste bereik is of dat die sake selfs hoegenaamd bespreek is. Die twee woordvoerders beklemtoon dat alle onlangse ANC-regeringsgesprekke slegs oor die praktiese aspekte van die reëling van die VPK gegaan het.

Ramaphosa beweer dat sedert die amptelike opskorting van onderhandelinge met die regering vanaf April oor die geweldskwessie, daar nog nooit weer oor dié sake gepraat is nie. Viljoen gaan selfs so ver om te beweer dat daar die afgelope tyd "disinformasie" oor die onderhandelinge tussen die ANC en die regering aan die pers verskaf is.

Maar 'n ontleding van die verslag van die Mbeki-voorligting van twee-en-'n-half-uur en talle ander inligting weerspreek effektief die heftige Ramaphosa-Viljoen ontkennings.

VWB het in die afgelope maand twee keer in detail berig oor die groeiende verstandhouding, breë konsensus en begrip wat tussen die ANC en regering oor belangrike sake soos die TR en grondwetgewende vergadering bereik is. Die afgelope twee weke het verskeie ander koerante klaarblyklik goed-ingeligte berigte hieroor geplaas.

Mbeki voorspel die instelling van 'n soort van TR so vroeg as Februarie volgende jaar. Hy waarsku ook dat die bereiking van 'n grondwetgewende vergadering as die eerste oogmerk die proses gaan vertraag, dat dit eers oor 'n jaar ingestel gaan word en sê die regering gaan die referendumwet spoedig verander sodat alle rasse daaraan kan deelneem.

Dit is betekenisvol dat vroeër dié week Stoffel van der Merwe, die sekretarisgeneraal van die NP, feitlik woord-vir-woord dieselfde gesê het toe hy voorspel het dat die referendum-wet verander gaan word en dat 'n referendum teen die einde van 1992 kan plaasvind.

Van der Merwe het self in 'n onderhoud met VWB enkele weke gelede dit beklemtoon dat dit uiters belangrik was om nou reeds op 'n vroeë stadium 'n soort van konsensus of verstandhouding tussen die ANC en regering te bereik oor delikate sake waaroor die VPK en sy werksgroepe later aan moet werk, ten einde latere krissise, dooiepunte en verleenthede te probeer verhoed.

Die PAC is egter verkeerd om van 'n "formele geheime ooreenkoms te praat". Volgens die verslag oor die Mbeki-voorligting is dit duidelik dat daar oor die detail van sake soos die TR nog nie finaliteit bereik is nie, hoewel die twee hoofpartye steeds nader aan mekaar beweeg.

Benny Alexander, die amptelike woordvoerder van die PAC, sê hul hoofbeswaar is dat die ANC en regering reeds vooraf ooreenkomste bereik oor sake waaroor die VPK en sy werkkomitees self nog moet debateer en oor moet besluit.

'N MOEILIKE AANLOOP

DIE byeenkoms vandag van die gidskomitee van 22 politieke partye om as 'n voorbereidende vergadering die planne vir die amptelike veelparty-konferensie (VPK) op 20 en 21 Desember te finaliseer, het 'n moeilike en soms stormagtige aanloop gehad.

Twee hooggeplaaste onpartydige regsgeleerdes sal as voorsitters van dié gidskomitee se voorbereidende ooreenkoms optree.

Oorspronklik sou die VPK amptelik dié naweek plaasgevind het nadat oënskynlik 'n breë konsensus daaroor onder die meeste belangrike partye bereik is.

Maar die planne het onverwags skipbreuk gelei toe die Inkatha Vryheidsparty (IVP) ter elfder ure daarop aandring dat die gidskomitee slegs uit die troika van die drie hoofpartye - ANC, IFP en NP - moet bestaan, en nie uit 'n groep van sowat agt partye soos wat eerder reeds ooreengekom is nie.

As kompromis en om die IFP-beware te omseil, is toe besluit op die lompe reëling dat al 22 partye - groot en klein - deel sou uitmaak van die gidskomitee. Elkeen stuur drie verteenwoordigers na vandag se voorbereidende vergadering.

Daarna het die proses 'n tweede maal amper skipbreuk gelei tydens 'n taai vergadering van sewe ure lank verlede week tussen die ANC en NP. Die ANC beskuldig die regering dat dit traag was om finaal tot 'n datum vir die VPK voor die einde van die jaar toe te stem. "Maar dit is eers toe ons dreig om heeltemaal aan die hele proses te onttrek en die vertragings-taktiek van die regering te onthul, dat hulle tog uiteindelik sleepvoetend tot die eerste ontmoeting van die VPK voor die einde van Desember toegestem het", sê 'n top-amptenaar van die ANC dié week.

Let all know peace

Die merkwaardige verhaal van die SAUK-binnekringe

'EK WAS 'N BROEDERBOND-SLAGOFFER'

DR. PIETER ERASMUS, gewese hoof van opvoedkundige programme van die SAUK, was in Augustus 1989 in die kollig nadat drie senior bestuurders in sy departement klagtes van korrupsie, wanbestuur en viktimasie teen hom aanhangig gemaak het. Erasmus het 'n dringende hofinterdik teen *Vrye Weekblad* verloor nadat dié bewerings gepubliseer is. Erasmus is intern aangekla, maar is onskuldig bevind voordat hy deur die SAUK afgedank is. In 'n Nywerheidshofsaak het hy met die SAUK geskik. In 'n ongepubliseerde manuskrip, "A White Prey of Apartheid", beweer Erasmus dat hy in werklikheid gedwing is om die diens van die SAUK te verlaat omdat hy deurgaans polities sterk van sy meerderes verskil het. **JACQUES PAUW** *stel Erasmus self aan die woord:*

EK het op 7 Junie 1989 die direkteur van opvoedkundige programme, Gerrit Coetzee, se kantoor binnegegaan en is aangesê om in sy luukse sitkamer te wag. In sy kantoor was Coetzee en Hennie Human besig om te gesels.

Human, senior direkteur van televisieprogramme, is een van die merkwaardigste mense by die SAUK. Sewe jaar gelede het hy skielik bedank na 'n ondersoek by die SAUK oor onreëlmatighede. 'n Paar jaar later was hy weer terug in 'n meer senior pos.

Human het 'n brief in my hand gestop. 'n Vinnige kyk na die brief het my vermoedens bevestig. Die Broederbond-beheerde Bestuurskomitee van die SAUK het my afgedank.

Die hoof van arbeidsbetrekkinge van die SAUK, André Weber, het kort daarna in my kantoor ingestap en nog 'n brief aan my oorhandig wat my aangesê het om my kantoor onmiddellik te ontruim.

Op pad uit my kantoor uit het my telefoon gelui. Aan die ander kant van die lyn was 'n beampte in die kantoor van die direkteur-generaal wat wou hê ek moes 'n toespraak vir Wynand Harmse skryf.

Ek het aan hom gesê ek is pas afgedank, my goed gevat, en is daar uit.

Ek glo ek is uiteindelik by die SAUK afgedank weens die feit dat ek nooit die gesag van die Broederbond by die Korporasie wou aanvaar nie. Ek was openlik uitgesproke teen hulle. Binne die stelsel van apartheid was dié persoon wat geweier het om hom aan die gesag van die stelsel te onderwerp, nog altyd die ongewildste. Ek is amptelik by die SAUK afgedank omdat daar onversoenbare verskille tussen my en my personeel ontstaan het. Maar ek glo ek is in werklikheid afgedank weens my jarelange teenstand teen die Broederbond.

Al die direkteurs-generaal van die SAUK in my tyd was lede van die Broederbond: Piet Meyer, Steve de Villiers, Riaan Eksteen. Ek is nie seker wat Wynand Harmse se status is nie. Twee van die mense wat 'n sentrale rol in my uiteindelike afdanking gespeel het - Theuns van Heerden en Hennie Human - is ook Broeders. Meeste van die ander senior- en hoofamptenare is ook lede van dié geheime organisasie.

Ek is in Januarie 1962 vir die eerste keer by die swart radiodienste van die SAUK aangestel en was vanaf 1965 die organiseerder van die Zoeloedienste. Ek het heelparty dramastukke vir die SAUK geskryf waarvan ek self die regie gedoen het.

Die bekendste hiervan is die verhaal van "Nokhwezi", 'n Zoeloe-legende oor 'n mitiese prinses wat met die môrester sou aankom. Dié verhaal is oorspronklik deur my in boekvorm gepubliseer.

Nokhwezi is deur die SAUK ingeskryf vir 'n internasionale kompetisie in Italië. Hulle het egter vooraf besluit dat die stuk verkieslik 'n swart outeur moes hê om aan die wêreld te wys dat apartheid ook geleenthede vir swartmense bied. *Nokhwezi* is toegedig aan ene Alexuis Buthelezi, wat aangegee is as die outeur en regisseur van die stuk.

Nokhwezi is uiteindelik meer as 'n honderd keer deur 40 radiostasies wêreldwyd opgevoer, elke keer met meneer Buthelezi as die skepper en regisseur daarvan.

Ek is in 1969 by die SAUK weg, maar het in 1976 teruggekeer as die bestuurder van TV2-programme. Ek was op die vooraand van die mees traumatiese jare van my lewe.

Teen 1976 was Theuns van Heerden hoof van swart radiodienste en televisie (vandag adjunk-direkteur-generaal), 'n geswore lid van die Broederbond wat allerweë beskou word as 'n toekomstige direkteur-generaal van die korporasie.

Die Erasmus wat in 1976 na die SAUK teruggekeer het, was nie dieselfde Erasmus as voorheen nie. My politieke sienswyse het intussen ingrypend verander.

Gedurende April 1977 het die direkteur-generaal van die SAUK toestemming aan my verleen om 'n deeltydse sielkundepraktyk te begin. In 1979 het die pos van hoof van Nguni-dienste beskikbaar geword en ek was seker dat ek dié pos sou kry.

Van Heerden het my een dag ingeroep en gesê ek moet eers van my praktyk ontslae raak voor ek bevordering kan kry.

In daardie stadium was bykans elke senior lid van die SAUK betrokke by een of ander deeltydse besigheid. "En wat van Piet wat met beeste boer? Wat van Cor wat draaiboeke vir televisie skryf? Wat van die direkteur-generaal wat by besighede soos slaghuise betrokke is?"

Ek het nie die pos gekry nie. In 1980 is ek aangestel as hoof van programme op TV2. Die SAUK het 'n besluit geneem dat geen wit gesigte op TV2 of 3 mag verskyn nie. Ek het vir hulle gesê dit is onrealisties en skep boonop die persepsie dat dit die werklikheid in Suid-Afrika is. Ek was weer in die moeilikheid.

In 1983, nadat die SAUK 'n firma van personeelkonsultante aangestel het om die korporasie te herstruktureer, is die pos van direkteur van TV2 en 3 geskep. Daar was geen twyfel nie dat ek die geskikte persoon vir die pos was. Topbestuur het my dan ook ingelig dat ek in dié pos aangestel sou word.

Op die dag wat die bestuurskomitee sou vergader om my aanstelling te bevestig, het 'n naamlose brief op die lessenaar van die direkteur-generaal beland waarin aantygings oor korrupsie teen my gemaak is. Van Heerden het my ingeroep en gesê die SAUK kan my nie meer aanstel nie.

Interne ouditeure het my afdeling op horings geneem in hul soeke na getuienis oor korrupsie teen my. Daar was nie 'n greintjie getuienis teen my nie. Ek was onskuldig, maar my bevordering was in sy maai.

Aan die einde van 1983 het die adjunk-direkteur-generaal, Gert Yssel (ook 'n Broeder), my meegedeel dat ek aangestel is as hoof van opvoedkundige programme van TV2 en 3. Dit was 'n sywaartse bevordering.

Opvoedkundige programme by die SAUK het 'n belangrike politieke boodskap uitgedra. Dit moes die beleid van apartheid en afsonderlike ontwikkeling uitdra. Daar is boonop van my verwag om opvoedkundige programme gelyke uitsaaityd in Afrikaans en Engels te gee. Dit was natuurlik belaglik, en ek het kwaai met die owerhede gebots.

Ek het vir ander werk begin aansoek doen, maar tot my ontsteltenis uitgevind dat iemand wat by die SAUK werk, nie juis aansien by ander maatskappye het nie. In dieselfde tyd is nog 'n hoof van opvoedkundige programme, dr PJ van Zyl (ook 'n gelyste Broederbonder) aangestel.

In 1986 is my begroting vir opvoedkundige programme gesny van R14 miljoen na R2 miljoen. Twee jaar later het dit in die media uitgekom dat dié begroting gesny is omdat die SAUK *Back to Freedom* van Mimosa-films geborg het. Die draaiboek is natuurlik geskryf deur niemand minder nie as Hennie Human.

In Januarie 1989 het Van Heerden my meegedeel dat die Uitvoerende Komitee van die SAUK aanbeveel het dat ek as direkteur van opvoedkundige programme aangestel moet word. Kort daarna is dié pos egter in die koerante adverteer.

Daar was toe reeds gerugte dat die SAUK een van Human se kollegas by die Potchefstroomse Universiteit, Gerrit Coetzee, in dié pos aangestel gaan word. In Februarie 1989 het die die Raad van die SAUK egter aanbeveel dat ek die direkteurskap moet kry.

In Augustus 1989 moes ek voor 'n komitee verskyn wat die aanstelling moes maak. Human het ook op die komitee gesit. Tydens die komiteesitting is ek in detail uitgevra oor my siening oor godsdiens. Ek het dit duidelik gestel dat ek nie regeringspropaganda deur middel van opvoedkundige programme sal verkondig nie. Die komitee het aanbeveel dat Coetzee aangestel moet word.

Binne my eie afdeling het daar egter al hoe meer personeelprobleme begin ontstaan. Daar was personeellede wat nie my gesag wou aanvaar nie en dokumente is in die geheim aan die direkteur-generaal en koerante gestuur.

In September 1989 het Van Heerden my ingeroep en aan my gesê dat die Bestuurskomitee van die SAUK besluit het om my sywaarts na die navorsingsafdeling te verplaas. Indien ek nie bereid was om dit te doen nie, is aan my gesê, gaan 'n dissiplinêre ondersoek teen my ingestel word. Ek is kort daarna dissiplinêr aangekla.

Die dissiplinêre ondersoek het ses weke geduur voordat ek op al 79 klagtes onskuldig bevind is. Die middag na die uitspraak het Harmse aan my gesê hoe bly hy is dat ek onskuldig bevind is. Die volgende oggend is ek meegedeel dat daar moontlik nog klagtes is wat ondersoek moet word.

In Junie 1990 het Gerrit Coetzee my na sy kantoor ontbied en my afdankingsbrief aan my oorhandig. Daar was onversoenbare verskille tussen my en die SAUK.

My prokureurs het my aangeraai om so gou as moontlik met 'n Nywerheidshofsaak te begin. Die SAUK het in hulle stukke aangevoer dat ek aan vervolgingswaan ly en myself die hele tyd verbeel dat daar mense is wat vendettas teen my smee. Dié aanname is nie deur enige ander deskundige getuienis vergesel nie.

Ek was uiteindelik, weens 'n gebrek aan fondse, verplig om 'n aanbod van die SAUK te aanvaar en my saak teen hulle terug te trek.

Bestem vir Grootsheid

Jare lank het L'Ormarins navorsing gedoen na die beste plantmateriaal om superieure Chardonnaywyn hier in Suid-Afrika te maak. Minstens 17 verskillende klone uit Frankryk is gekweek en getoets. Die resultaat – uit 'n ryklik geskakeerde versnit van die beste, kry u

L'ORMARINS Superieure Chardonnay

Hierdie Chardonnay is gebore uit die toegewyde strewe na die beste wat sedert sy vrystelling wêreldwye lof ingeoes het.

Oesjaar 1987 • **Klassifikasie: Superieur**
Oesjaar 1988 • **Gekies vir SAL Blou Diamantklas**
Oesjaar 1989 • **Goue medalje – "International Wine & Spirit Competition", Londen**
• **"Grand Gold" medalje – Monde Selection, Brussel**

Gevestig 1694 deur die Franse Hugenoot Jean Roi

Besoek L'Ormarins en kom proe sy wyn.
Vir navrae, skakel (02211) 4-1026.

LOR 130/A

As die verhoog geannekseer word deur

STORT-NOMMERTJIES...

Die golf van gewildheid van **karaoke-kroeë**, wat gewone mense die geleentheid gee om soos 'n *Bles Bridges of Tina Turner* met begeleidende musiek en 'n video voor 'n gehoor op te tree, moet iets sê oor die aard van die mensdom. Is daar 'n ekshibisionis binnein elkeen van ons wat net 'n verskoning soek om uit te kom? Is dit dalk die maklikste manier vir 'n stadsmens om die skanse van vervreemding af te breek en te kommunikeer? **ESMA ANDERSON,** nou nie juis een van Suid-Afrika se groot ekshibisioniste nie, het dié week 'n paar van die kroeë besoek - en self weer en weer op die verhoog gespring. *(Foto's deur* **ANDREW BANNISTER***)*

AL ooit 'n bees van 'n man met 'n liggaamsbouer se lyf *Wuthering Heights* net soos Kate Bush hoor sing met 'n hoë stemmetjie en 'n histeriese kwaliteit in die stem en oë?

Nie! Dan was jy nog nie by 'n karaoke-kroeg nie. Na Suid-Afrikaners met dié gier kennis gemaak het, is die badkamers stil en die verhoë vol. Die rede? Jy kan nou jou bad- en storttyd-treffers op die verhoog uitleef, ondersteun deur jou gunsteling-popgroep se orkes en backing vocals.

Dit werk baie eenvoudig. Jy kry 'n lang lys van al die liedjies wat by 'n spesifieke kroeg beskikbaar is en maak jou keuse. Jy skryf dan jou naam, die titel van jou liedjie en die kode daarvan op 'n papiertjie, gee dit vir die DJ en wag (baie geduldig) jou beurt af.

Die kodenommer is die nommer van die laserskyf waarop die klankbaan, agtergrondstemme en lirieke is. Dié word op video-monitors en luidsprekers gespeel, kompleet met 'n video wat die lirieke uitbeeld. Om te sing is dan kinderspeletjies, jy lees net die woorde van die skerm af. Daarna moet jy net probeer om die ritme te hou en min of meer die regte deuntjie te sing.

Karaoke het Japan, waar die idee ontwikkel is, soos 'n tifoon getref en vinnig oorgespoel na Engeland, waar die meeste van die toerusting wat in Suid-Afrika gebruik word, vandaan kom.

Maar selfs met al dié musikale ondersteuning klink dit alte dikwels na toegestoomde bedompige badkamers. En die wonderlikste is dat niemand regtig omgee nie.

Chewy, een van die aanbieders by krieketkaptein Clive Rice se karaoke-kroeg in die Hotel Alba in Braamfontein, sê dít is vir hom die grootste aantrekking van die konsep: "Hier is almal sterre, dit maak nie saak as jy nie 'n wonderlike stem het nie. Dis hoekom ek dit so geniet."

Ek kan dit steeds nie mooi kleinkry hoekom die gehoor almal toejuig nie, selfs al sing hulle werklik ondraaglik vrot. Miskien kan die politici en die gewone mens hier iets kom leer van verdraagsaamheid.

En juis dít maak dit so maklik om self jou bewerige stem op die verhoog te laat hoor. Dis amper of daar 'n wedersydse respek teenwoordig is, wat miskien meer te doen het met fragiele ego's as waardering. Jy gaan mos nie iemand uitjou as jy dalk netnou self op die verhoog staan nie, of nie die moed het om dit self te doen nie. Dalk is dit die geheim agter die verdraagsaamheid.

Maar hoekom is mense bereid om so openlik gekke van hulself te maak? Droom hulle van roem en hoop om raakgesien te word, wonder ek terwyl drie meisies nogal vals sing "Fame, I want to live forever... baby remember my name...Fame". Die meeste mense het nie sulke drome nie, hoewel sommiges probeer het om ons te beïndruk (dis maar moeilik om incognito te bly met 'n flitsende kamera in die omtrek). Soos JJ, die Boere-cowboy by O'Hagans wat ons aangesê het om laat te bly "want hier kom nog gróót talent vanaand".

Johan Joubert is eintlik sy regte naam, maar JJ is sy verhoognaam. "Die mense is lief vir my, want ek sing vir húlle," sê dié cowboy uitgevat in al

That's What Friends Are For... sing Helen en 'n paar jonger vriende nadat sy 'n ou kennis van twintig jaar gelede raakgeloop het.

die parafernalia: 'n swart broek, 'n hemp met fraaiings, 'n hoed en stewels. Hy sing nogal verbasend baie soos Roy Orbison, en sy stem knak selfs op die regte plekke op daai kenmerkende snikkerige manier.

Hy het dalk 'n punt beet, want selfs ek het verwonderd gestaan dat 'n namaaksel so na aan die werklikheid kan klink. "Pretty woman... are you lonely just like me..." snik JJ terwyl ek aan dié gedagte herkou.

Die grootste skop wat mens daaruit kry, sê Peter, nou al 'n gereelde besoeker by karaoke-kroeë, is die feit dat jy iets doen wat jy nooit gedroom het om te doen nie. "Voor jy gaan, dink jy jy sal nie dood op 'n verhoog gesien word nie, wat nog sing? Maar as jy daar sit en saam met die gehoor sing, lyk dit glad nie vernederend nie en nogal maklik. Jy dink: as dié ou dit kan doen, kan ek ook.

"Die eerste keer doen jy dit vir die uitdaging en die snaaksigheid. Maar as jy dit eers gedoen het, voel jy wonderlik. Dis soos 'n oorwinning. Daama kan jy nie ophou nie. Dis nie die cheering of so iets nie, dis lekker om te sing... al jou favourites. Dis lekker om te sien die mense hou van die liedjie wat jy sing en saamsing. Dis asof almal saam met jóú partytjie hou."

Mense soos JJ en Ronnie - die ou wat almal verbaas het met sy weergawe van *Wuthering Heights* - neem dié singery baie ernstig op.

Terwyl die meeste mense eers 'n paar biere afsluk voor hulle die moed het om te gaan sing, sê Ronnie dat hy net vrugtesap of Coke drink. "Drank is nie goed vir die stem nie, jy verloor later beheer daaroor" lag hy terwyl 'n stormdronke op die verhoog sukkel om by te bly met die vinnige woorde van *Help Me Ronda*.

Die dronkes sorg dikwels vir 'n paar snaakse oomblikke, maar oor die algemeen is dit nogal irriterend as iemand op die verhoog staan en weens besopenheid nie die woorde of die wysie kan baasraak nie. By The Lighthouse Pub by Bruma Lake was daar juis 'n man wat gedink het hy is vreeslik snaaks en *Hey Jude* van die Beatles só vermink het dat dit skaars herkenbaar was. Hy het nie eens probeer sing nie, hy het net daar gestaan en die woorde uitgeskree. Dis na optredes soos dié dat mens dit nogal waardeer as iemand die singery meer ernstig opneem.

Verhoogname is so eie aan karaoke-kroeë soos sing. Dis nie dat hulle werklik ernstig is daaroor nie, dis maar net deel van die pret en is veral gewild by groepe. So was daar The Sex Crazed Psychotics, The A Team, The X-Holy Rosaries, Wishbone Bash, MC Powerdrill, Ebony and Ivory, The Bachelor Boys, The Polkadot Brigade en Die Takhaar Wino's. Die gehoor cheer vreeslik as iemand met 'n oorspronklike of snaakse naam vorendag kom.

Soms gaan die liedjies gepaard met groot vertoon. "In the jungle, the mighty jungle..." sing 'n groepie van vier, terwyl een van hulle, 'n blonde meisie, 'n Zoeloe-dans lewer soos 'n wafferse Johnny Clegg. Daar is selfs mense wat danspassies uitwerk vir hulle optredes.

My entoesiasme oor karaoke kan seker verskoon word as ek verduidelik dat ek nog altyd 'n flair vir kitsch gehad het. Maar dis meer as dit. Die idee daaragter staan my baie aan.

Alhoewel die kroeë almal oorvol, rokerig, warm en dikwels bedompig is, geniet mens dit werklik om daar te wees. Die gehoor sing luidrugtig en lustig saam en dans op hulle stoele. Terwyl ek na hulle kyk, besef ek dat 'n heel ander beginsel hier aan die werk is. Hoewel daar iemand op die verhoog sing, hang hulle genot nie van dié persoon af nie. Hulle vermaak hulleself.

Mense hou baie daarvan om te sing. Dink maar terug aan hoër skool en partytjies in die garage, waar almal dans en bykans sonder uitsondering al die woorde van die liedjies ken en saamsing.

Dieselfde gebeur hier. Dit gaan baie meer oor die keuse van liedjie as oor die sang self, want almal in die gehoor drom saam om die TV-skerms en sing geesdriftig saam. Soms só hard dat die persoon op die verhoog nie hoorbaar is nie.

Maar steeds was ek skrikkerig om op die verhoog te klim. Uiteindelik skraap ek toe wel die moed bymekaar, want hoe kan ek daaroor skryf as ek dit nie self meegemaak het nie?

Hoe meer alkohol in die bloed, hoe meer moed

JJ, die country-koning van karaoke-kroeë: "Die mense is lief vir my, want ek sing vir húlle..." (Foto: Desmond Thompson)

En skielik staan jy daar. Nou kan jy nie meer uitdraai nie. Almal kyk vir jou, of so voel dit, maar eintlik is die gehoor maar net besig om hulself te geniet. Hulle gee nie regtig om wie op die verhoog is nie, behalwe as dit een van hulle vriende is of iemand 'n goeie vertoning lewer.

Die eerste paar reëls is die moeilikste. Wat dit makliker maak, is die feit dat jy nie na die mense hoef te kyk as jy nie wil nie. Jou oë bly maar vasgenael op die skerm om die woorde te volg... "you're so vain, you probably think this song is about you..." en voor jy jou kom kry is dit verby. Maar dis lekker, só lekker dat ek dit daama weer vier keer gedoen het. Dis soos sigarette en koffie... baie verslawend. En baie vermaaklik, selfs al gaan kyk jy net.

"It's my party and I'll cry if I want to..." sing Mandy en Natalie vroeg die aand, maar ek neem nie veel notisie nie, min wetende dat dit nogal profetiese woorde is, want omtrent twee ure later staan Mandy weer op die verhoog. Die trane loop sulke lang stowwerige spore oor haar wange. Haar boyfriend is oorsee en het haar droëbek hier gelos... "Oh, its so typical, love leads to isolation... now we're living separate lives".

Maar dit was emosie van 'n ander aard toe 'n middeljarige vrou, Helen, en 'n groepie jongmense *That's What Friends Are For* gaan sing. Op die verhoog besef sy dat sy die aanbieder, Chewy, twintig jaar gelede in Zambië geken het, waar hulle saam gewerk het. Chewy is dadelik nader gesleep om saam te kom sing ter wille van die goeie ou dae.

'n Ekstatiese Helen vertel sy geniet karaoke omdat dit mense nader aan mekaar bring. "Ek was al oral oor die wêreld, maar mense in Jo'burg is die eensaamstes wat ek nog gesien het. Karaoke breek daardie stadsvervreemding af. Vroeër het mense in rookgevulde kroeë rondgesit en nie geweet wat om vir mekaar te sê nie. Nou kan hulle 'n aandjie saam geniet en mense leer ken op 'n baie prettige manier - en die kans kry om jou gunsteling liedjies te sing."

Dit sal meer kos as 'n

VLAG EN VOLKSLIED

Ons sal baie meer as 'n vlag, 'n volkslied en dalk 'n embleem moet opoffer om eendag 'n vreedsame, stabiele en voorspoedige Suid-Afrika daar te stel vir al sy inwoners, meen **JANNIE MOMBERG,** omstrede parlementslid en die Demokratiese Party se woordvoerder oor sport

Die bohaai oor die besluit van NOKSA om met 'n neutrale vlag en volkslied na die Olimpiese Spele in Barcelona te gaan, is maar net nog 'n bewys van hoe gepolariseer ons Suid-Afrikaanse samelewing is.

Rapport se meningsopname verlede week het getoon dat 78 persent van die koerant se lesers ten gunste was van die behoud van die Springbok-embleem. Ek is oortuig daarvan dat verreweg die oorgrote meerderheid van diegene wat vir die Springbok gestem het, blankes was. Ek is verder oortuig daarvan dat as Rapport 'n soortgelyke opname onder swartmense sou hou, die oorweldigende gevoel teen die Springbok sou wees.

Die ongevoeligheid van blankes teenoor die gevoelens van swartes is sorgwekkend. Nuusblaaie wat van beter behoort te weet, maak dinge ook nie makliker nie.

Ek stem saam dat die Springbok lank voor 1948 en die wettiging van apartheid op die toneel was. Maar dit was hoofsaaklik die dade van die Nasionale Party wat veroorsaak het dat die oorgrote meerderheid van ons swart bevolking die Springbok as 'n simbool van verdrukking beskou.

Dit was die Groepsgebiedewet wat verbied het dat nie-wit deelnemers aan wit sportklubs mag behoort het. Dit was die Wet op Afsonderlike Geriewe wat nie-wit toeskouers op Nuweland op die sogenaamde Gamatpaviljoen (die Suid-paviljoen) saamgehok het. Dit was die rede hoekom die nie-wit toeskouers al die jare teen die Springbokke geskree het. Nie omdat hul teen die spelers gekant was nie - hulle was teen die regering.

Jannie Momberg

In die proses het hierdie mense die Springbok as 'n simbool van verdrukking begin beskou en daarom moet die feit dat die Springbok midde-in 'n twis is, vierkantig op die skouers van die Nasionale Party geplaas word. Ek is oortuig daarvan dat as die Springbok met omsigtigheid benader word, dit binne'n betreklike kort tyd deur die oorgrote meerderheid van al ons mense aanvaar sal word.

Deur egter voort te gaan om die Springbok te verpolitiseer, mag dalk die doodsklok vir hierdie embleem beteken.

Die besluit van NOKSA om die landsvlag en volkslied eenkant toe te skuif, moet noodwendig lei tot ongelukkigheid onder veral blankes. Maar weereens val die blankes se ongevoeligheid jeens hul nie-wit medeburgers se gevoelens op.

Die landsvlag wat op 31 Mei 1928 die eerste keer gehys is, was nog al die jare vir die blankes van die land 'n simbool van vryheid. Vir die res van ons bevolking was dit 'n simbool van verdrukkking. Elke jaar wanneer die staatshoof die Parlement geopen het, die vlag gehys is en daardie Parlement die een verdrukkende wet na die ander aanvaar het, het die nie-wit bevolking meer en meer die vlag met die Nasionale Party vereenselwig en het die vlag al hoe meer verpolitiseer geword.

Die feit dat die Nasionale Party die landsvlag se kleure vir homself toegeëien het, het hierdie verpolitisering net groter gemaak.

Die Volkslied is nog meer as die vlag totaal onaanvaarbaar vir die oorgrote meerherheid van ons bevolking. Ons kan maar net die woorde van sommige verse van "Die Stem" lees om te besef hoe min die swartmense met die volkslied gemeen het.

Vers 2: "Waar en trou as Afrikaners - kinders van Suid-Afrika." Vers 4: "Dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly" (ek wonder hoe sing iemand wat deur die Groepsgebiedewet uit sy huis geskop is oor die "erwe van die vaad're?")

Die Staatspresident het reeds gesê dat die kanse goed is dat 'n nuwe vlag en volkslied by die onderhandelingstafel gebore sal word. Daar kan dus geen fout gevind word met die NOKSA-besluit om met neutrale embleme Barcelona toe te gaan nie.

Die bohaai oor die simbole en die Springbok sal net tot verdere polarisering tussen wit en swart lei. Die reaksie van die Staatspresident was myns insiens uiters ongevoelig en tipies van die arrogansie van die Nasionale Party.

Suid-Afrika is 'n verdeelde land met rasse-vooroordele van oor die 300 jaar. Ons sal baie meer as 'n vlag, 'n volkslied en dalk 'n embleem moet opoffer om eendag 'n vreedsame, stabiele en voorspoedige Suid-Afrika vir al sy inwoners daar te stel.



Die

Ombudsman

van die Republiek van

Suid-Afrika

lewer 'n kostelose diens
as 'n laaste uitweg
aan alle lede van die publiek
wanneer hulle onbehoorlik benadeel voel
deur 'n staatsinstelling of staatsamptenaar

Kontak die Ombudsman by Privaatsak X 677, Pretoria 0001
of Telefoon (012) 322-2916 of 0800 1120 40 (tolvry)



To be, to play, to explore, to create, to work, to build, to learn and to flower

Our grandchildren must inherit a South Africa that will love and care for them and encourage them to excel to their utmost limits, says the president of the African National Congress, **NELSON MANDELA,** in a remarkable message of hope, soul-searching and conciliation

THE time to begin sowing the seeds of national healing and reconciliation is now. The hour to lay the foundations of a new South Africa which we will be proud to bequeath to our children and grandchildren, has come. It is time to make a clear and decisive break with the apartheid crime against humanity. The alternative is anarchy, chaos and more violence. In this regard, time is not at our mercy.

As our new and democratic society struggles to be born, the more apartheid continues with attemps to dictate the terms under which it should give way to a democratic order. It seeks to adapt itself rather than yield to the overwhelming need for fundamental change.

It, therefore, remains the national duty of every patriot to urgently generate, solidify and assert a nationwide consensus on the imperative need to eradicate apartheid in all its ramifications. This consensus must be based on a firm understanding that white supremacy cannot be reformed but must be completely eliminated. It must be informed by the fact that nothing less than real freedom and democracy for all South Africans - regardless of race, colour, creed or gender, will lift our country out of the current crisis. For it is only the advent of freedom and democracy which can lay the foundation for a just and lasting peach and prosperity for all.

However, our new society will not fall like manna from heaven. All of us are, therefore, faced with a firm challenge to be armed with a vision - a vision which will empower us to give an optimal and collective response to the transition process. Only in this manner would we be able to pre-empt the possible degeneration of this process into anarchy and the ordination of violence as a permanent feature of our lives.

Since the advent of colonialism on our shores, our country's wealth, both human and material resources, have been prodigally squandered. In pursuit of narrow interests, white supremacy installed a permanent reign of terror, overt and covert. It strove to install, preserve and consolidate minority privilege and domination founded on the systematic oppression, exploitation, dispossession and degradation of the majority of our people.

However, we must not, and should not, permit the negative passions authored by apartheid to discolour and tarnish our future. If anything, we must steadfastly hold on to a humanising vision predecated on the fundamental need for national reconciliation. The vision we must embrace is that of national healing and renewal. Only such a path can guide the transition process to an outcome which reflects and respects the democratic will of the widest possible cross-section of the South African people. Our children, our grandchildren, our very future depend on it.

Our new society must be constructed on the sacred rule of the fundamental worth of every human being, the sanctity and inviolability of human life and the inalienable right of every person to liberty and the pursuit of happiness.

It must affirm all those ideals and values which are at once humanising and conducive to the unfettered self-realisation of each and every individual.

This is the challenge before us. This tall order we must collectively endeavour to meet, by constantly transcending ourselves towards a richer and more dynamic freedom and towards a larger and more generous humanity.

If we are all human beings, and I believe we are, we must be prepared to locate and accomodate those of our differences, which are inevitable, within the framework of the common wealth of ideals, values, interests and inclinations bequethed to us by former generations. Ours should be a democracy intrinsically informed by our own history and experiences - a democracy appreciative and, where necessary, assimilative of the finest outcomes of experiments with freedom and democracy, the world over.

In this regard, the vision of a united, non-racial, non-sexist and democratic South Africa may, one day, come to be judged as the finest achievement of our struggle.

This is so because it is not a vision dangled by conquerors before the conquered. To the contrary, it is a vision that seek to bridge the rifts - an endeavour to heal the wounds which were laid open and enlarged by apartheid. This is our modest blueprint for a free, sane, safe and happy future for us all. It is a blueprint rooted in the deep longing of entire generations of our people for freedom, democracy and peace.

In this sense, it cannot be the exclusive property of the victims of apartheid. Rather, it is the province of all people who truly love South Africa - a dream which realised will spare our children the agony we have lived and suffered under apartheid.

This perspective has, inter alia, drawn inspiration from the universal declaration of human rights and other formal instruments of freedom and democracy. However, it must remain less than final until it is subjected to the ultimate test of democracy - the will of the people of South Africa. Guided by this, we must move forward in the conviction that the people of South Africa have the courage and ability to learn from past errors, to forgive and make a new beginning. Our failure to summon this courage is sure to condemn posterity to a repetition of our tragedy.

It is, therefore, in our interests to have the courage to forgive, to trust, to love and to dream. We have no alternative but to make a sacred and unbreakable covenant with freedom, peace, democracy and progress for all South Africans regardless of race, colour, creed or gender. Nothing less than such a vision, nothing less than such a covenant can propel us all from the current unhappy state of affairs to the happy, robust and truimphant South African which all of us and all succeeding generations so richly deserve.

The best part of my life has been given to the struggle against racial domination black or white. It has been dedicated to the struggle for the freedom of all the people of South Africa. Like the lives of countless other patriots, my life was shaped and ordered by my direct experience of oppression, exploitation, and racism. It was given it's direction by my innate inability to forsake the dream of freedom. It's focus was sharpened by the understanding that a life of bondage is a life not worth living. It has derived strength and sustenance from my conviction that apartheid is wrong and must ultimately fall under the deadweight of it's unworkability.

Like many of you in this hall, like millions of other South Africans, I continue to be called upon to pay the price for my commitment to freedom, democracy, peace and progress.

It has caused all of us enormous pain. Yet my convictions will always be worth more than the anguish they may cause me. However, my fate is not one I would wish upon even the worst of my enemies. It is a cruelty to which no decent society would want to expose it's citizens. It is a tragic indecency from which any sane society will seek to shield it's children.

I have therefore struggled to protect our children and grandchildren from a similar fate. No anguish on this earth can divert me from the pursuit of this sacred objective.

We may have lost the race against time in our bid to make a positive difference in the quality of life which our children are already inheriting from our generation.

We still have the chance, as well as the obligation, to strive to bequeath to our grandchildren and all succeeding generations, the South African of our sanest dreams - a South African we would be proud of.

I want the best for my grandchildren. I want the best for yours no less. I want the best South Africa for all South Africans. It is a yearning that must bind us all as parents and the parents of parents.

We must, therefore, all of us, give our best, in the name of the finest future for our offsprings. We must make it a South Africa that will not rob the children of their childhood and of their native and spontaneous love of life. It must be one that fosters a healthy respect for, and appreciation for all races; one that employs our human variety to energise the human fellowship and unity of all South Africans. It must be a society in which the colour of the skin will not be used either to divide the children or to darken or lighten the possibilities of their freedom, happiness or success but will be seen as cause for the celebration of human variety. It must nourish rather than stunt their potential for full growth and all-round development.

Our grandchildren must inherit a South Africa that will love and care for them and encourage them to excel to their utmost limits. It must be a true motherland which shines on childhood and accords our offsprings free reign to be, to play, to explore, to create, to work, to build, to learn and to flower.

A united, non-racial, non-sexist and democratic South Africa is the best hope for the delivery of such a society into the hands of our children. It is a vision we advance. It is a vision we invite you to examine, fine-tune and enrich. If needs be, it is a vision we challenge all of you to surpass.

(This is an edited version of Mandela's address to last week's Idasa conference in Johannesburg.)

SPORTRUBRIEK

Tinus Horn

Die people sal polo speel

NERDS soos Prins Charles, wat nie sokker of rugby kan speel nie, weet hulle sal darem altyd die polo-span haal. Die kompetisie is nie so straf nie, sien.

Maar in Suid-Afrika (die nuwe een) sal verskanste posisies in eens elitistiese sportspanne binnekort iets van die verlede wees. Die people gaan polo speel.

Die lang messe is uit teen sportsoorte wat deur die jare net vir rykes beskore was. Vir sulke sportsoorte, hoor ons, is die sportboikot nog lank nie verby nie.

Hulle sal eers moet wys hulle dat die ou weë tot die verlede behoort, voordat hul terugkeer tot internasionale mededinging goedgekeur word.

Hoe nou gemaak? Die antwoord is seker om krieket se voorbeeld te volg.

Daar was 'n tyd, nie te lank gelede nie, toe 'n mens ver sou soek om groter snobs as die manne in wit raak te loop.

Hulle het nie net op grond van ras neus opgetrek nie; taal was net so belangrik. Soveel so dat Marinus van Wyk se insluiting in die Transvaalspan in die jare sewentig 'n groot nuuswaardigheid was.

Name soos Jacobs, Botha, Cronje, Van Zyl en Grobler was 15, 20 jaar gelede bitter skaars in ons provinsiale spanne.

Ons het maar geglo die Engelse was beter - en hulle was ook. Maar dit was afrigting, toerusting en daardie tipe van ding wat hulle beter gemaak het, nie talent nie.

Toe dit so 'n dekade gelede duidelik geword het dat krieket se upper-class baadjie sy voortbestaan bedreig, het die administrateurs blitsig daarvan ontslae begin raak.

'n Mens sou kon sê krieket het die tekens betyds gelees, en ondanks 'n onderonsie of twee tydens die Mike Gatting-toer, was die National Olympic and Sports Congress erg beëindruk.

Elitisme - wat ookal die maatstawwe daarvoor is - is 'n lelike ding. Elkeen moet 'n kans kry om sy talente behoorlik te gebruik.

Maar krieket is nie polo of seiljagvaart nie. Die vraag is, wil die people polo speel? In my geweste het ek nog nooit iemand met dié begeerte raakgeloop nie. Miskien is dit elders anders, maar nie maklik nie.

Dalk sal die polo- en perdespring-administrateurs die townships met ponies moet invaar om te wys hul harte is reg.

Come on, mense. Laat ons nou tog nie simpel raak en die rykes hul fringe-tydverdrywe begin beny nie.

Die kanse dat Mayfair of Alexandra 'n perdespring-boffin gaan oplewer, is omtrent so goed soos Bishop's Court s'n om 'n bokskampioen te kweek.

Evander gaan slae kry

Evander Holyfield kan vandag baie gelukkig voel dat hy nog die swaargewig-bokskampioen van die wêreld is.

As hy verlede Sondag teen Ray Mercer of selfs Francesco Damiani geboks het, was dit dalk nie meer so nie; as hy teen Mike Tyson geboks het, was hy sonder twyfel sy titel kwyt.

Daar het nie regtig veel met Holyfield se vertoning teen Bert Cooper geskort nie; hy het baie skoon houe geslaan en die geveg oorheers.

Maar sy beste houe kon Cooper nie platslaan nie, en hy self vat nie meer 'n goeie hou soos in die dae toe hy die ligswaargewig-afdeling oorheers het nie.

As iemand soos Tyson hom ordentlik tref, is dit planke toe. En hy sal nie opstaan voor dit te laat is nie.

Die harde waarheid wat Holyfield teen die ou en stadige George Foreman geleer het, en verlede naweek weer by Cooper opgetel het, is dat swaargewigte harder slaan as ligswaargewigte. Een van die dae gaan hy hom in 'n jonger, sterker teenstander vasloop, en dan is alles verby.

Pierre Coetzer se kamp moet gou speel as hulle hom wil vastrek terwyl hy nog kampioen is.

Terloops, verlede naweek se Holyfield/Cooper geveg het bokskenners in Engeland seker laat terugdink aan 'n ander Cooper, Henry, wat soos sy naamgenoot Bert ook byna-byna vir een van die grootste opskuddings in die geskiedenis van boks gesorg het.

"Our 'Enry" is g'n wenkans gegun toe hy op 21 Mei 1966 in Londen teen Cassius Clay deur die toue klim nie, maar in die vierde ronde het Clay hom in 'n lelike regter van die uitdager vasgeloop en op die krytvloer neergesak.

In die pandemonium wat losgebars het, het die skeidsregter laat begin tel. Met die telling op nege het Clay net-net betyds regop gekom om te verhinder dat hy uitgetel word.

Tussen rondes het sy hoek 'n geheimsinnige sny aan een van sy handskoene opgemerk. Dit het aan hom 'n hele paar minute besorg om te herstel. Die slenter het gewerk; Clay het Cooper in die sesde ronde uitgeslaan.

'n Mens kan nie die ooreenkomste met laas Sondag se geveg miskyk nie.

brolloks en bittergal



DÍS HOEKOM FW SKRIK GEVANG HET

Almal wat in die politiek belangstel, debatteer nou al weke lank wat agter FW de Klerk se skielike gatomswaai die laaste maand of wat sit - dié swaai terug na dikgewrig-Boerepolitiek.

Die ware verhaal begin nou so stuk-stuk na vore kom.

Die eerste verklaring lê in die skok wat FW gekry het toe hy 'n tyd gelede deur 'n klomp senior sakelui gekonfronteer is. 'n Groter reaksionêre lot kon jy omtrent nie kry nie, hoor Brolloks. Terug na die PW-era, was hulle uitroep, met misdaad, Cosatu se wegbly-aksie en die toenemende geweld hul grootste argumente.

Maar die interessantste storie is die rol wat Barend du Plessis besig is om te speel. Hy het 'n vreeslike groot kop ná hy so goed gevaar het teen FW in die verkiesing vir die presidentskap, maar hy is erg dikbek oor die skerp kritiek wat hy uit die sakesektor kry oor sy patetiese hantering van die ekonomie. En dié grootkop-dikbek-kombinasie is 'n ernstige een.

Toe, so hoor Brolloks, begin Barend sy mantel regserig draai. En hy het ywerige kamerade in manne soos Hernus Kriel, Kobie Coetzee en Louis Pienaar. Dié klompie druk toe vir FW in 'n hoek net voor die NP se Transvaalse kongres en dwing hom min of meer om die harde houdings teenoor goed soos die vlag en volkslied in te neem.

Wat 'n blykbaar heel gewillige FW toe doen. En nou stem selfs die kabinet saam dat die regering sy kaarte heeltemal oorspeel het met die vlagkwessie; dat hulle 'n slapende hond wakkergemaak het wat gerus maar kon bly slaap het.

AG SHAME, TANT RINA

Drie hoera's vir Elna Boesak-Botha vir haar sterk standpunt verlede week oor die topbestuur van die SAUK wat 'n program van haar verkort het om die minister van Gesondheid, Rina Venter, te beskerm.

Elna het dit as voorbeeld aangehaal toe sy die SAUK daarvan beskuldig het dat dit 'n verlengstuk van die regering is. Dié beskuldiging is glo die laaste strooi wat haar loopbaan by die SAUK finaal kan kortknip.

Elna moet vandeesweek voor 'n tugkomitee verduidelik waarom sy haar die reg toegeëin het om haar werkgewer in die openbaar oor redaksionele besluite te pak.

Wat Brolloks betref, het Elna die volste reg gehad om die korporasie te kritiseer. Dis nie Elna wat arrogant is nie. Dis die SAUK met sy verstikkende Broederbondkultuur wat moet besef dat hy 'n openbare ligaam is wat aan die mense van Suid-Afrika verantwoording moet doen.

Haai siestog, en toe word tante Rina dié week ook nog deur die Mediese Vereniging gekap met 'n mosie van wantroue. En Brolloks het nog altyd gedink sy is een van ons meer bekwame ministers. Een van die min ministers met balls.

Maar nou ja, relatief tot manne soos Barend du Plessis, Gene Louw en Hernus Kriel lyk selfs Uilspieël briljant.

KONTRADIKSIE

Ná die lees van die beroemde "Botha-bande" is Bittergal lus om die ou storie aan te pas en te herhaal: Nasionale Intelligensie is 'n kontradiksie in terme.

DOKTER! DOKTER!

Brolloks lees dié week van 'n klomp Swazilandse verpleegsters wat 'n pasiënt toesluit in 'n kamer saam met 'n ander pasiënt. Op die oog af 'n heel natuurlike ding om te doen as mens in ag neem dat die pasiënte in 'n psigiatriese hospitaal is en dat sommige mense in dié hospitale toegesluit moet word. Maar wat die nurse toe nou nie onthou het nie, was dat die een pasiënt 'n psigopaat is. Die psigopatiese pasiënt vermoor toe die ander pasiënt.

Maar nog is dit het einde niet: Met al die drama en dood is daar toe geen psigiater by die hospitaal nie - die psigiater is in die tronk omdat hy sy vrou vermoor en glo in stukke opgekap het.

VRA MY BROER JACK

Bittergal sit dié week en kyk hoe die een na die ander regeringsleier en ANC-leier oop-oë vir die TV-kameras sit en vertel hoe die PAC lieg, hulle het nooit saam besluit oor sake soos 'n tussentydse regering nie.

En toe onthou Bittergal van Hennie Serfontein se stories in VWB die laaste paar maande wat uit die monde van dieselfde mense sê daar ís sulke ooreenkomste.

En toe dag Bittergal: Dan is dit die toekoms - ons is tot nou deur die Boere belieg, van nou af gaan die ANC en die Boere ons sáám belieg.

Vra my broer Jack, hy lieg nes ek.

Major daag die YSTERVROU

Is John Major maar 'n vaal nabootsing van die Ystervrou? Nee, meen mense wat hom ken, Jonh Major is sy eie man. Daar is belangrike verskille in aanslag en oortuiging tussen die twee leiers en Major vaar nie te sleg nie, dankie. Maar miskien nog nie goed genoeg nie, skryf **VERONICA FORWOOD**

LONDON - Die Britse premier, John Major, het dié week sy eerste jaar in die stoel voltooi met sy Konserwatiewe Party in wanorde oor Europese eenheid en met vrae oor sy vermoë om sy voorganger, Margaret Thatcher, se jongste pogings om bekdrywer te speel te bedwing.

Ná 'n jaar wat sy haar griewe opgekrop het oor die manier waarop die party haar eenkant toe geskuif het, het Thatcher weer verlede week die binnelandse politieke arena binnegebars, 'n parlementêre debat geskaak, gevra vir 'n referendum en toe Major se teenstand daarteen as "arrogant en verkeerd" bestempel.

Die kontras tussen die inskiklike, minsame Major en die ongeduldige, gedrewe vrou wat van 1979 die Konserwatiewe Party met drie opeenvolgende oorwinnings by die stembus gelei het, kan nie groter wees nie.

Terwyl konfrontasie Thatcher se brood en botter is, lê Major se sukses daarin dat hy niemand kwaad maak nie. Hy was die goeie ou waarin niemand iets kon vind waarvan hulle nie hou nie.

"Joernaliste is heeltemal verkeerd oor Major," sê Edward Pearce, skrywer van The Quiet Rise of John Major. "Hulle noem hom grys en vervelig omdat hulle, anders as met Thatcher, nie woede-aanvalle en teater-vermaak kry nie. Dit is nie reg om hom as 'n minderwaardige Thatcher te beskou nie."

Terwyl Major se ekonomiese beleid grootliks Thatcheristies is, het hy 'n nuwe gees van toenadering gebring, en die nie-Thatcheristiese gewoonte om te luister na ander. Maar hy moet nog sy kritici oortuig dat sy vermoë om te luister, altyd in dade omgesit word.

En sy teenstanders wys daarop dat terwyl Thatcher se ware invloed nou aan die taan is, Major self nog sy eie ferme leierskap-stempel op die party en die volk moet afdruk.

Major het skouspelagtig opgang gemaak: van 'n agterbanker na adjunk-partysweep, na minister van buitelandse sake, na minister van finansies, voordat hy die party se leierskap gewen en op 28 November verlede jaar eerste minister geword het.

Hy het bo gekom met die "binnetrap", verduidelik Pearce, deur die "skerpsinnige, doeltreffende jong man te wees; almal het gedink hy is wonderlik". Hy was altyd iemand se beskermling, en tot onlangs nog, Thatcher s'n.

Het Thatcher haar oor die diskrete, goed-gemanierde man wat sy as haar opvolger gekies het, misgis?

Wat sy welsynbeleid betref, het dit geblyk dat hy links van sy voorganger is. Hy het voordele vir kinderonderhoud verhoog, besteding aan nasionale gesondheid verhoog, Thatcher se ongewilde kopbelasting geskrap en 'n handves vir burgerregte ingestel. Wat die ekonomie betref, het die geloof in vrye markkragte gebly.

Die grootste verandering was in die atmosfeer. Kabinetministers het die gejaagde blik in die oë uit vrees vir "kernuitbarstings" - soos hulle Thatcher se woedebuie noem - verloor.

Major se oop, seunsagtige glimlag en sy passie vir krieket, het die onskuldige, skoolseunagtige karakter wat aan hom toegedig is deur die satiriese tydskrif Private Eye in die "Geheime Dagboek van John Mayor", bykans geloofwaardig gemaak.

Maar een goeie vriend van hom sê steeds: "Binne-in is hy 'n taai bliksem. Wanneer dit nodig is, sal hy 'n stilet of 'n byl gebruik". By sy eerste partykonferensie as leier in Oktober in Blackpool, het hy lank uitgewei oor sy arm gesinsagtergrond, sy proletariaat-kleure, donker pakke, konserwatiewe grys haarsnit en sy smaak vir wegneem kafee-etes. Vriende sê hy glo met 'n passie aan "gelyke geleenthede".

Major se eerste jaar in die amp het vir hom 'n plek op die internasionale verhoog gegee en in Julie was hy die voorsitter van die Groep van Sewe van die grootste nywerheidslande wat hulp aan die Sowjetleier Michael Gorbatsjof aangebied het.

Dit is gevolg deur vakansie-samesprekings met die Amerikaanse president George Bush, 'n besoek aan Moskou en daarna Peking, waar hy die Chinese oor hulle swak menseregte-rekord aangespreek het.

Major is deeglik bewus van die noodsaaklikheid om 'n mandaat van die Britse volk by die volgende algemene verkiesing wat hy op die laatste volgende Julie moet uitroep, te wen.

Meningsopnames toon dat Major ver voor die Arbeider-leier Neil Kinnock op die gewildheidslys is. Nogtans wys politieke kenners daarop dat verkiesings oor die algemeen meer oor ekonomiese prestasie as persoonlike gewildheid gaan en dat leierseienskappe alleen nog nooit genoeg was om 'n verkiesing in Brittanje te wen nie. - AFP.

EKONOMIE-WIPPLANK
kan Bush uit die saal lig

Die Withuis verloor moontlik nog nie kop nie, maar daar is meer as genoeg rede tot kommer: die bloedarme Amerikaanse ekonomie het die gewildheid van president George Bush drasties laat daal en seker gemaak dat sy herverkiesing in 1992 nie 'n draffie langs die strand gaan wees nie, skryf **PASCAL TAILLENDER**

WASHINGTON - 'n Nuwe meningsopname Dinsdag het bevestig dat die ekonomie, wat traag in die resessie-put bly huiwer, president Bush se Achilleshiel is. Dieselfde man se posisie was enkele maande tevore, kort ná die Golfoorlog, skynbaar onaantasbaar.

Volgens 'n opname van CBS en die New York Times het Bush se gewildheid met 16 punte tot 51 persent gedaal, die laagste sedert die begin van sy ampstermyn. Nog onheilspellender is die feit dat net 25 persent Amerikaners die wyse waarop hul president die ekonomie hanteer, goedkeur, vergeleke met 33 persent in Oktober.

Dit is die laagste puntetelling wat enige president sedert Jimmy Carter in 1979, nog kon byeenbring. Die vergelyking voorspel niks goeds vir Bush nie: Carter was een van die min VSA-presidente wat nie herkies is nie.

Volgens die opname glo 47 persent Amerikaners dat Bush herkies gaan word, teenoor die 66 persent wat in Oktober so gedink het. Maar net 39 persent van die geregistreerde kiesers sal vir Bush stem, teenoor die 37 persent wat 'n onbekende Demokraat verkies.

Die Withuis, soos gewoonlik wanneer hulle met swak stemvoorspellings gekonfronteer word, probeer 'n goeie voet voorsit. "Steun gaan op, steun gaan af," sê Marlin Fitzwater, woordvoerder van die Withuis.

Dit is waar dat Bush se gewildheid tevore tot 51 persent gedaal het toe hy 'n verkiesingsbelofte om nie belasting te verhoog nie, verbreek het. Vier maande later het sy gewildheidskaal tot 90 persent gestyg.

Bush is ongetwyfeld nog relatief gewild. Hy het ook die voordeel dat daar min bekende Demokrate is wat hom kan teenstaan. Dis nou solank as wat die New Yorkse goewerneur, Mario Cuomo, bly huiwer om te besluit of hy hom beskikbaar gaan stel as kandidaat vir die Demokrate.

Die president sal na verwagting sy hoofverkiesingsamptenare oor die volgende paar weke aanwys. John Sununu, goewerneur van die deelstaat New Hampshire, verwag om daardie posisie te vul, maar daar is 'n hele paar ander veldtogdeskundiges wat hoop om die teen-offensief teen die toenemende aanvalle op die Withuis, te lei.

Maar dié keer - behalwe as hy nog 'n verassing uit die hoed kan trek - wag daar geen militêre oorwinnings om Bush se tanende gewildheid op te pomp nie. Die Golf-oorlog is vergete. Bush kan nie verwag om veel voordeel te trek uit sy buitelandse beleid nie - waarin sy eintlike krag lê - in 'n tyd waarin die Amerikaners heeltemal behep is met eie probleme nie. - AFP

TIENDUISENDE SPOOK IN DIE MOORDVELDE

'n Netelige kwessie spook by Kambodjane: moet die skedels van duisende slagoffers van die Khmer Rouge wat ten toon gestel word weer begrawe word? Godsdienstige ritueel skryf so voor. Maar sal die afgryslike menseslagting dan vergeet word? **SHERI PRASSO** doen verslag

CHOEUNG EK - Te midde van die lowergroen weivelde en suikerpalms hier, net buite Phnom Penh, is 'n wroeging wat die siel van elke Kambodjaan diep raak: wat moet gedoen word met die grieselrige aandenking van 8 000 kopbene van mense wat deur die wrede Khmer Rouge-skrikbewind vermoor is?

Die laag op laag witgebleikte skedels basuin 'n onvergeetlike boodskap uit aan enigeen wat die Choeung Ek massamoord-sentrum besoek. Dié gedenkteken is in die middel van Kambodja se berugte moordvelde.

Dit was hier, 15 km suidwes van die hoofstad, waar sowat 20 000 mense tussen 1975 en 1979 deur die Khmer Rouge verwurg, versmoor of doodgeslaan is. Nou word die kakebeenlose skedels van duisende slagoffers wat uit die massagrafte opgegrawe is, in 'n glasomhulde gedenkteken ten toongestel.

Hier is die twispunt: het die siele van die gestorwenes tot ruste gekom? Die Kambodjaanse leier, Prins Norodom Sihanoek, sê nee. Hy wil hê die skedels moet getrou aan Boeddhistiese gebruike herbegrawe of veras word. Die gedenkteken moet onmiddelik afgebreek word, het hy onlangs gesê.

"As hulle aanhou om die skedels ten toon te stel, sal ons nooit vrede hê nie. Ons moet die siele van die gestorwenes vrystel. Ons kan nie aanhou om hulle so aan die son bloot te stel nie," sê die prins.

Die Boeddhiste glo die siel van elke man, vrou en kind sal in 'n ander vorm hergebore word. Maar as die gepaste rituele nie uitgevoer word nie - wat onder meer ter aarde bestelling of verassing behels - sal die siele nie rus nie en sal die onrustige geeste aanhou dwaal.

By die gedenkteken bid monnike en voer hulle elke jaar op die belangrikste heilige dae die rituele uit.

Vir Oeur Ros, 'n 53-jarige boer wat sy vee elke dag laat wei op die vrugbare moordvelde waar menslike beendere en stukke klerasie gestrooi lê, is die rituele twee keer 'n jaar om die dooies se siele te beskerm, voldoende.

"Die monnike kom op elke vakansiedag, en ons het reeds 'n seremonie gehad waarin om die vrystelling van die siele gebid is," sê hy. Oeur Ros is skaars 500m van die eerste van die 129 uitwissingskampe gebore en grootgemaak.

Die weiveld - wat vroeër 'n skilderagtige vrugteboord en 'n klein Chinese kerkhoffie met 'n uitsig op die rivier was - is sy tuiste. En hy wil seker maak dat niks so grusaam en mensonterend soos die uitwissing ooit weer gebeur nie.

"Ons moet hierdie gedenkteken behou," sê hy met 'n dringendheid in sy stem. "Ons kinders moet weet dat die Khmer Rouge die Kambodjaanse volk uitgewis het. As dit afgebreek word sal ons hierdie getuienis verloor."

Maar nie almal stem met hom saam nie. "Hulle moet weer begrawe word," sê 'n 33-jarige Viëtnamese vrou. Sy het verlede week vir die eerste keer na Phnom Penh teruggekeer nadat sy sestien jaar gelede uit die kloue van die Khmer Rouge ontsnap het.

Sy was naby aan trane na 'n besoek aan die Toul Sleng Massamoord-sentrum - die gevangenis waar slagoffers ondervra en gemartel is voordat hulle na hul wrede dood gestuur is.

Binne, in een van die draadomheinde vertrekke, is 'n gemonteerde landkaart wat uit die skedels van honderde slagoffers bestaan.

"Omdat ons Boeddhiste is, glo ons dat dié siele nie rus nie," sê sy van die slagoffers. "Hulle loop nog hier rond." Terwyl die morele debat egter voortduur, is daar ook politieke oorwegings wat in ag geneem moet word.

Dis duidelik dat die Khmer Rouge die gedenkteken as slegte publisiteit sien. Hulle bestempel dit as propaganda vir die bewind in Phnom Penh, en vra dat die sentrums afgebreek word. Maar leiersfigure in die Kambodjaanse regering hou voet by stuk dat die gedenkteken sal bly staan.

"Diegene wat Toul Sleng wil toemaak pleeg vir die tweede keer massamoord," het die eerste minister, Hun Sen, onlangs gesê.

Intussen lewer 'n kennisgewingbord by Choeung Ek sy onsterflike pleidooi: "Mag die siele van diegene wat hier gesterf het, in vrede rus."

-AFP

Cambodian students try to get inside the Cambodia Hotel where they believed Khmer Rouge leader Khieu Samphan was staying. An angry mob of more than 10 000 people stormed his villa in Phnom Penh later and beat him with sticks, rocks and their fists. (Pic: AP)

KHMER ROUGE *may be driven to violence again*

The abortive return here of the Khmer Rouge leader, Khieu Samphan, has cast doubt on the future of the United Nations brokered peace plan for Cambodia, reports **SHERI PRASSO**

PHNOM PENH - The lynch mob that drove Khieu Samphan out of the capital this week only hours after he arrived, may also have knocked the Khmer Rouge out of the fragile peace process, diplomats said.

But the display of raw hatred for the country's genocidal former rulers will make it even more difficult for them to find support abroad.

"We are witnessing a move to marginalise the Khmer Rouge," said a Western diplomat in Hanoi. If it succceeds it will radically change the prospects for the peace plan, which is already very fragile," he said.

Khieu Samphan, (62) the figure head leader of the notorious Khmer Rouge, returned to represent his faction on the Supreme National Council (SNC), which groups the resistance factions with the Phnom Penh government.

Under the peace accord plan, signed on October 23 in Paris, the SNC is to meet here and represent Cambodian sovereignty until general elections take place under the auspices of the United Nations in 1993.

But tens of thousands remember Samphan only as Pol Pot's loyal head of state from 1975 to 1979 when the Khmer Rouge's ultra-communist rule over Cambodia left hundreds of thousands dead.

"I hate Khieu Samphan. I hate him. I want to kill him. He killed the entire country. Our family, all our children died because of him," said Say Borum, a 33-year old man who joined the attack on the Khmer Rouge House here.

The Khmer Rouge leader, bleeding from a head wound, was rescued from the house by the army. Samphan had to be hustled into a special armoured personnel carrier and rushed to the airport to be put on a special flight to Bangkok. He was joined by the entire Khmer Rouge delegation, including Son Sen, the group's military commander.

Envoys closely linked to the peace agreement, which finally brought the bloody civil war to an end, described the situation as serious. "The fact that Kieu Samphan's security cannot be assured poses serious implications for the future of the SCN," said a Bangkok-based diplomat.

Vietnamese troups ousted the Khmer Rouge from power in January 1979 and installed premier Hun Sen's government. Operating from bases in Thailand the Khmer Rouge subsequently emerged as the most powerful of the three resistance factions.

Prince Norodom Sihanouk (former head of the resistance), has called for an emergency meeting of all parties involved in the peace plan. Sources say the prince wants the meeting to be held in Bangkok. Cambodia is out of the question after the attempt on Samphan's life.

But Khmer Rouge's marginalisation in the peace process began as soon as Prince Norodom Sihanouk, returned to Phnom Penh as the neutral head of the SNC on November 14.

Two days later, he said he supported "100 percent" that the most infamous Khmer Rouge leaders - Pol Pot, Ieng Sary and Ta Mok be tried for genocide before an international tribunal.

Over the next week, the prince's followers formed first an alliance and then a coalition government with their former rivals in the government, who then recognised Prince Sihanouk as the president of all Cambodia.

"This marginalisation could push the Khmer Rouge back into the violent opposition," a diplomat said of the attack on Samphan.

"But the future of the Khmer Rouge will depend largely on China and Thailand," he added. "If these countries have decided to abandon Khmer Rouge they may have to lie and wait for better days." - AFP

IT'S GETTING HOT FOR KENYA'S MOI

The government van Kenya's president Daniel arap Moi is really beginning to feel the heat of external and internal pressure against its corruption and reluctance to accept a multi-party democracy, reports **DAVID CHAZAN**

Daniel arap Moi

Robert Ouko

NAIROBI - Under enormous pressure to clean up his scandal-tarnished government, president Daniel arap Moi has sacrificed two close aides, arrested in connection with the murder of foreign minister Robert Ouko.

But the move failed to appease donors, who deferred a decision on 1992 aid for six months and warned that subsequent assistance will depend on greater political freedoms in one-party Kenya and moves to eradicate corruption and human rights abuses.

Aid to Kenya, once East Africa's economic success story and staunch Western ally, rose from 200 million dollars in 1986 to a billion dollars in 1990, but fell to 600 million dollars this year amid growing concern about corruption.

Police said they were considering whether to charge former industry minister Nicholas Biwott, once seen as Kenya's second-most powerful politician, with the murder of Ouko, whose death nearly two years ago sparked anti-government riots.

Biwott, a fellow tribesman of Moi who is said to have amassed a vast fortune through private business dealings during his time in office, was arrested Tuesday with the former head of internal security, Hezekiah Oyugi and several other suspects in the murder.

Biwott, accused of corruption and increasingly unpopular with international donors who have provided more than 600 million dollars of aid this year, was sacked last week after Western governments indicated that he was not a man they could do business with.

A British detective who led a Scotland Yard team called in to investigate Ouko's murder, has named Biwott and Oyigi as suspects.

Former detective-superintendent John Troon testified to a judicial inquiry into the death that evidence indicated Ouko had been murdered because he was leading an inquiry into high-level corruption.

On Tuesday Moi called a halt to the inquiry, which has thrown up allegations of corruption against vice-president George Saitoti, agriculture mininster Elijah Mwangale, Biwott and several other senior officials.

"Biwott and Oyugi were the most powerful men in Kenya," a senior Western diplomat said. "Without his two closest advisors, Moi may be panicking. He has never before faced such open opposition at home or pressure from the international community," said the diplomat, who declined to be identified.

But opposition figures here welcomed the move.

Gitobu Imanayara, an opposition magazine editor and lawyer, said: "It's encouraging. It's the only kind of pressure that will work with Moi as he refuses to listens to Kenyans."

Imanyara admitted that ordinary Kenyans could be hurt by a slowdown in aid, but said: "It's better to suffer a little pain than to see Kenya fall apart."

Moi, 68, a former schoolteacher who spent his childhood as a herdsboy in western Kenya, has long dealt with his opponents with an iron hand, and has enjoyed strong Western support until recently.

He has dismissed opposition figures campaigning for the restoration of multi-party democracy as "anarchists" and vowed to "crush them like rats".

The ruling Kenya African National Union (Kanu) is expected to endorse a gradual transition to multi-party politics this weekend and the president is also expected to call a general election early next year. But the opposition has reacted coolly.

"If Moi calls a single-party election, the opposition will launch a campaign to boycott it," said Imanyara, adding: "People are tired of one leader. They want change now." The further pressure on Moi had quick results: on Wednesday he dropped charges against four pro-democracy leaders accused of organising a banned demonstration two weeks ago. Among them are former Vice-president Oginga Odinga and Law Society chairman Paul Muite. - AFP

Nguza Karl I Bond (Pic: AP)

The name is

BOND, KARL I BOND,

political adventurer of Zaire

Opposition leaders demanded this week that Zairean president Mobutu Sese Seko rescind his nomination of yet another opposition figure, Nguza Karl I Bond, as Zaire's latest prime minister, throwing anti-Mobutu forces into disarray. **MARIO FIORITO** reports

KINSHASA - President Mobutu's choice of Karl I Bond, who served in previous governments as premier or foreign minister and who, at one time, was also sentenced to death for treason, looks like an adroit political move to split the opposition's loose coalition, anylists say.

Karl I Bond's nomination as prime minister sparked a hostile reaction in some parts of the capital. Tyres had been set on fire in market-places and pupils evacuated from schools, as crowds of people were seen running about.

Joseph Ileo, the acting president of the opposition "Holy Alliance" described Karl I Bond's nomination as a "flagrant violation" of a former agreement, that provided for the new prime minister to be drawn from the Alliance. The agreement was mediated by Senegalese president Abdou Diouf, to provide for the "rapid" creation of a consensus governement.

At a press conference also attended by former prime minister Etienne Tshisekedi, Ileo said the Alliance, a loose coalition of opposition forces, had not been consulted on the appointment of Karl I Bond.

The prime minister designate is considered a leader of the Liberal Democratic wing of the Alliance, although Ileo said he was now no longer a member of the opposition coalition.

Karl I Bond replaces Mungul Diaka, who was only sworn in as prime minister November 1 and has now been demoted to Deputy Premier. The nomination makes Karl I Bond Zaire's third prime minister in a little over a month.

Karl I bond, aged 53, has been in and out of Mobutu's governments and the oppositon since 1965, when he began a diplomatic career. He rose to Foreign Minister in 1977 and prime minister in 1979. He was condemned to death and then pardoned over the Katanga (Shaba) seccession bid.

He resigned as State Commissioner (premier) in April 1981 on a visit to Belgium and spent the next four years in exile, but returned to Zaire in 1985 to be named ambassador in Washington, before again becoming Foreign Minister in 1988.

With the Advent of Multipartism in Zaire last year, he resumed an opposition stance, but has co-existed uneasily with the "Holy Alliance" from which he has officially been expelled for criticising its leaders such as Etienne Tsihisekedi, who was also briefly prime minister in October.

Tshisekedi was the original choice of the opposition as Premier, but he came under attack from Karl I Bond when he became embroiled in dispute with Mobutu about forming a governement and was eventually sacked by the head of state, despite opposition protest.

Karl I Bond, on the other hand, has the support of the president's party, the United Democratic Forces, which recently declared they would back him as prime minister.

In his speeech of about 10 minutes announcing the nomination of Karl I Bond as prime minister, Mobutu appealed for a speedy resumption of the National Conference in order to provide the country with a new draft constitution, electoral law and timetable for elections as soon as possible.

Announcements of the imminent resumption of the National Conference have succeeded each other in recent weeks, but up to now, it has failed to materialise. - AFP

En ek sit nou maar op genade hier en wag vir die *Oubaas daar Bo* om vir my nog 'n plan vir 'n goeie boek te gee...

'Ons het die volste reg om ANARGISTIES EN BEDONNERD *te wees'*



JAN RABIE, voorloper van die Sestigers wat sedert die vyftigerjare al probeer om die oorlewing van Afrikaans te verseker en hom terselfdertyd vir die vereniging van alle Afrikaners - bruin, swart en wit - beywer het, se werke lees vandag amper profeties - hoewel hy nie altyd erkenning daarvoor kry nie. **CHRISTELLE TERREBLANCHE** het net na sy 71ste verjaarsdag met hom op Onrus gaan gesels om te hoor of hy nie ook oor die toekoms wil profeteer nie

DIE Griekse papawers wat rond en bont oor die twee-akker grond in Vermont by Onrusriviermond groei, begin al verwelk. Jan wys sy tuin, oorgroei met struike en melkhout, geelhout en lanings windbrekers teen die suidoos.

Hy wys die groentetuin, gaan haal later 'n groot murgpampoen wat hy môre met aartappels op die Griekse manier wil eet. Vanaand is daar die alikreukels wat uitgehaal is. Hy wys trots die kothuis wat hy eiehandig gebou het en die sonpaneel waarmee krag gespaar kan word. Een van die eerste stemme wat vir ekologiese bewaring opgegaan het, kla Rabie dat hy al sy vingers stomp baklei het om die oordadige ontwikkeling en uitmergeling van die see by Onrus te stop. En die korrupsie.

In die bome kwetter die vinke in talle neste wat net buite Marjorie Wallace, sy vrou en bekende skilder, se ateljee bo-op die ou plaashuis van Vermont hang. Marjorie is van Skotse afkoms en het Jan in Parys ontmoet. Het ek gehoor hoe mooi sy Afrikaans praat? vra Jan.

In die ou huis self wys Rabie die twee reuse-honde, die baie katte (met kleintjies), sy skryfplek, die boeke, die houtvloere van kiaat, die kaggel waar die winter deurgebring word. Teen die mure is die talle aandenkings van sy en "Jorie" se talle reise. Ook haar vrolike skilderye. Hy wys 'n tekening van Uys Krige en vertel van hul vriendskap in Parys en hoe hulle later vir Krige op Onrus kom kuier het en die plaashuis uit die bloute vir 'n appel en 'n ei gekoop het. Hy beduie oor ander vriende, Breyten, Katinka Heyns, MC Botha....hulle twee het gister gaan perlemoen duik en vandag is hy "vrot van die verkoue".

Dan sê hy trots: "Ons woon al 21 jaar in die huis en het nog nooit daarin geslaap nie." Buite op die stoep wys hy die slaapplek.

Dis 'n huis met 'n hart soos 'n hotel, letterlik. Vriende en nuuskieriges stroom nimmereindigend na Vermont. Later in die tuin bied Rabie sy eie-gemaakte olywe van sy eie laning olyfbome aan, vars radyse uit die tuin. Hy vertel hoe hy self olyfolie pers met 'n vleismeul. Rabie vertel van die wonderlikste jeug denkbaar, by die mooiste rivier in die land, die Kafferkuilsrivier, wat nou weens politieke druk ook Kuilsrivier heet.

Hy is altyd tong in die kies, reguit, soms 'n korrelkop. George Weideman het dit onlangs met 'n resensie van sy bloemlesing, *Buidel,* so gestel: "Wie Jan Rabie die mens ken, sal weet dat hy skryf soos hy praat; sonder om doekies om te draai, vreesloos en met 'n soort voortvarende eerlikheid wat mense baie keer met 'dwarsheid' verwar."

Op 'n konferensie by UWK oor die Afrikaanse letterkunde en die geskiedenis, het jou voordrag oor jou *Bolandia*-reeks van vyf boeke gehandel en mens kry die indruk jy beskou dit as jou beste werk. Die boekies het destyds al 'n perspektief op die geskiedenis van Suid-Afrika gegee, wat nou eers ernstig herwaardeer word.

Dit was my beste werk en niemand weet daarvan nie. My top-produksie was in die tyd toe die regering niks van my gehou het nie, my dopgehou het - daai hele ou storietjie. Kyk wat het ek gesê. "Wat my betref: ek is nie net Bolander en Suid-Afrikaner nie, ek is ook Hottentot. En Viva! Lewe! voorvadere Damoeb en Hakwa en Keas en Kaptein Oasib en Ouma Katryn en Rut en Khoib en Douw Prins! (karakters in die reeks historiese romans.) Vanaf blanke perspektief? Onverdrote. Want met *Bolandia* bring ek hulde aan my bruiner broers."

(Die naam *Bolandia* was omdat hy "doodgewoon sat was vir die Voortrekkermentaliteit wat vir alle blanke Afrikaners voorgehou is, terwyl die meeste Afrikaansprekendes ontstaan en gewoon en bly woon het in die hartland, die geboorteland, die Boland, 'n eeu-en-'n-half voor die Groot Trek waaraan hulle nie deelgeneem het nie. Wit en bruin. Kortom, die Afrikaner, die persoon wat Afrikaans as huistaal praat, is gebore in die Boland...")

In 1950 het ek my eerste regstreekse aanval op apartheid gedoen met die verhaal *Droogte* (in sy baanbrekers prosabundel, '21') en daarna in *Ons, die afgod* (1958). Vandag se jongklomp weet nou nie eintlik baie wat ek gedoen het nie, want ek was natuurlik pre-sestigers.

In die begin het ek verskriklik verontwaardig politieke romans probeer doen, en ek kon net nie die mas opkom nie. Ek was te heftig, ek het skelwoorde gebruik en dan kan jy nie 'n goeie boek skryf nie. Toe het ek later begin wyer uitgooi. Buitendien, mens raak verlief op jouself ook, op jou eie vermoë, en wetenskapsfiksie, reisverhale, 'n verblyfverhaal ('n boek oor Kreta waar hy en Marjorie meer as drie jaar lank gewoon het).

Maar per slot van sake, mens lewe 70 jaar, 80 jaar, en ek kan nie net skel nie, dis darem nie regverdig nie. En toe het ek weggeswaai en menslike warmer dinge probeer skryf.

En nou die dag daar by UWK, toe praat hulle van 'n bruin wêreld, maar dit is klaar, dis die mense wat klaar vermeng is - die Afrikaners van die toekoms - dit is die grootste nie-rassige bereiking tot nou toe in ons land, iets wat ons saam gedoen het, wit, bruin, swart, die dêm lot. En niemand reken hulle nie, hulle reken hulself nie, hulle is slapgat en laat almal op hulle trap.

Maar die boeke het nooit 'n prys gekry nie, soos ook jou ander boeke?

Ek was 'n pionier en het buite die tydgleuf geval. Ek het nie 'n prys gekry nie en voorlangs net die polisie gehad. Buitendien was ek altyd 'n buiteperd.

Ironies genoeg het ek 'n prys vir kinderlektuur gekry (van die Akademie vir Wetenskap en Kuns vir *Die Seeboek van die Sonderkossers*. Hy het die prysgeld aan die Skrywersgilde gegee.)

Maar wat het jou daartoe gelei om in 1950 al so skerp in Afrikaans oor apartheid te skryf?

Omdat ek besef het, wat die wit Afrikane betref, is daar net een genade vir hom in Afrika, en dit is om uit die verdomde gemors van kleur te kom. En daarom stoot ek nog altyd die geskiedenis en taal as 'n eenheidsfaktor, die ontstaan daarvan ook, dit is vir my die groot stryd vandag en die blêddie KP's is aanmekaar tussenin met hulle velkleur en so, hulle mors alles op.

Ek sou sê mens moet buitekant jou land gaan om werklik te besef hoe 'n ding is. Die sewe jaar - 1948 tot 1955 - waarin ek in Parys gewoon het, het ek Margie ontmoet en in daai tyd geleer om met ander oë na my land te kyk en sterk besef daar is 'n vreeslike snaakse ding aan die gang. Natuurlik het my verstand ook so gesê, want ek is juis weg omdat ek onrustig begin voel het.

(Na sy terugkeer het Rabie by die SAUK in Kaapstad as omroeper gewerk en self 'n analise oor die beskouings rondom nasionalisme, die *Evoluste van Nastonalisme*, deur Mishoring Pers laat uitgee omdat niemand daaraan wou raak nie. Hy sê hy het vinnig by die SAUK bedank, voor hy in die pad gesteek kon word. Van toe af skryf hy heeltyds.)

Jy het vroeër iets laat val wat dit laat klink asof jy skepties is oor die toekoms van sensuur in SA. Is jy besorg oor die toekoms en Afrikaans?

Dit betaal 'n mens om skepties te wees in hierdie moeilike tyd. Ek sê altyd hou jou bek toe, kyk net eers wat aangaan. Jy kan dalk more aan die verkeerde kant van die ding wees.

Ons het hard geveg teen sensuur. Jy weet ek het destyds al die skrywers uit die akademie uitgetrek, hier by 1965 rond. Almal het gelyktydig bedank en ek is 'n paar maal na die minister se kantoor gestuur, en ek het Jeremy Cronin losgelaat gekry. Die skrywersgilde is gebore uit protes teen sensuur.

Die sensuurraad was redelik beskaaf die afgelope jare, hulle het omtrent nooit 'n boek verbied nie. Maar ons is bang vir 'n herhaling aan die swart kant. Barbara Masekela en baie van die ander politieke leiers se uitlatings laat mense dink, ag nee, moet ons dan nou van vooraf oor begin?

Ja, ek moet sê ek het baie simpatie met die KP. Hulle het dit nou in hul kop dat die Afrikaner moet bly voortbestaan, maar hulle blêddie Afrikaners is te klein vir my, dis dan net wit velle. En die hele wêreld draai nou weer in 'n verkeerde rigting. Hierdie planeet, glo ek, leef. En ek dink hy gaan besluit wat met ons gebeur, nie ons met hom nie. Kan jy jou voorstel dat hierdie wêreld begin het? En dat die aarde êrens ophou, dis om van mal te word.

Ek weet nie, ek voel net wat al die ouens maak is kak-droogmaak. Ons het die volste reg om anargisties en bedonnerd te wees. Want daar is nie wette nie, ons het geen sekerheid dat daar 'n God is nie, want niemand kan dit begryp dat dinge begin nie...As jy logies wil wees, kan jy maar rustig kanse op die aarde vat, want hy is buitendien op pad na die afgronde toe, lyk dit my. En die ding in Suid-Afrika, o koot, hulle sal nie veel beter wees as die ander klomp nie. Omdat hulle meer selfvertroue het.

Maar wat ek geleer het met al my skrywery en dinge is dat taal die belangrikste ding op die planeet is, want lande en mense word gevorm op 'n taalgrens, maar kleur, nou ja....!

Maar sensuur het later vir my onbelangrik geword, want ek was besig met vrolike, lekker boeke, wat mense lees. Nie daai ou politieke getjank wat niemand lees nie. Dis oor die bekleiery met apartheid, en as jy genadig is dan bring jy seks in soos André P Brink.

Jy het in jou romans meestal Afrika beklemtoon, maar jy het ook baie diep wortels in Europa geskiet?

En waarom moet ek bang wees vir Eurosentrisme? Europa het my baie meer gegee as Afrika. Baie min swartmense was tot dusver belangrik, hulle moet nie vir my kom sê dis verkeerd om iets uit Europa lief te hê nie. Maar ek moet nie ontken dat Moeder Afrika een van my twee Oumas was nie.(lag)

En ek het oor bruin Afrika geskryf. Moenie 'n fout maak nie, daai spul wit en swart Transvalers wil ek glad nie hier hê nie. Ek was bewus van my Afrika-konneksie en ek het doodgewoon gewonder waar ek kan deelneem. Maar wat het Afrika my gegee?

As kind het ons wit bediendes gehad. Die naaste bruin mense was agt myl van ons en die swarte het ek nooit gesien nie. Hy's 'n immigrant in die Boland, die bliksem, en hy noem ons immigrante. Ek is lief vir my hoekie in Afrika, o ja, ek is 'n Bolander! Hoekom moet ek nou skielik 'n Suid-Afrikaner word? Jy kan dit benepe noem, maar dit is die waarheid.

Maar afgesien van die Europese tale wat jy bemeester het, het jy ook 'n studie van die Khoi-taal gemaak.

Dit is om te wys wat ons vir hulle skuld, in Afrikaans. As ek nie-rassigheid wil aanhelp, moet ek verdomp êrens begin, met die mense om my. En nog 'n ding, mens kan nie die toekoms bou as jy nie jou gister ken nie. Ek het in die argief geboer.

Het jy die een gehoor van die hippie? Die een hippie vra vir die ander: "Wat de hel moet ek die Voortrekkers liefhê voor? Hoekom het hulle nie gewag tot die trein daar is voordat hulle oor die Drakensberge is nie?"

So jy glo nie daar is iets soos 'n Suid-Afrikaanse kultuur nie?

Ons is te slapgat om Afrikaans te wees. Ons is halfvoltooide mense, en het nie die moed om vir onsself op te staan nie. Ons moet nou makkies gaan lê sodat die swartes ons met vrotsige Engels kan omring en dit is nou nie vir my baie aanloklik nie.

Tot nou toe was daar 'n Suid-Afrikaanse kultuur, wat ons goed hanteer het. In die 19de eeu het hy gewerk en was pragtig - ons het aangepas en ons apogee was by die Boere-oorlog - kyk hoe goed het hulle gevaar. Maar sedertdien het ons stede toe getrek en begin versleg. Hulle wil gou ryk word en kak droogmaak. En nou ja, die lot Engelse het die stadskultuur en daarom het hulle die voorsprong. Die swart leiers sê ons moet almal een nasie wees, maar kyk nou vir oorsee, daar het hulle in 3 000 jaar dit nog nie reggekry nie en ons moet dit in twee jaar doen.

Ek het 'n droom gehad van 'n Afrikaanse wêreld, bruin en wit, sonder rasse-stront daarby - en ons was op pad daarheen, maar dit het gebreek geraak. Miskien kom daar 'n nuwe ding nou, maar ons sal eers deur die meule moet gaan, 'n bietjie swaarkry.

Ek dink dit is nou tyd om 'n bottel witwyn oop te maak.

Die jonger skrywers het deesdae baie kritiek op die Sestigers. Wat dink jy van hulle?

Ja, hulle begrawe ons. Dit is normaal dat een geslag op die ander se hakskene trap. Hulle het dertig jaar gewag daarvoor. Maar hierdie klomp verdra nie meer die gewone, manlike, meer reguit prosa nie. Daar is 'n katterige verwyfdheid, skerpigheid in hul prosa. Ek wil nie graag 'n moderne skrywer wees nie. Dit is te moeilik.

En as ek nou weer van interpunktualiteit, en post-modernisme en die vreeslike geleerde woorde moet hoor wat hulle van Parys en oral af kry... Dis 'n verskriklike akademiese, onvrugbare mode. Hulle is soos skerpioene wat hulle angeltjies vir hulself eintlik reghou. Dis jammer, want jy verwag iets waarin jy glo, waarheen jy strewe - ons het dit nog gehad. Vandag se jongklomp is seerder, krapperige, en bowe al onseker. Dit is waar wat ek sê!

Skryf jy nog?

Ek het nou 'n roman klaargemaak. Dit was al twee maal by die uitgewers. Hulle wil dit nie hê nie. Ek het dit oorgedoen, maar ek is nou nie lus om dit 'n derde maal te neem nie.

Dit is oor 'n ontdekkingstog. Daar is 'n kernbomontploffing en die stad is in sy moer en hier is 'n seun wat wil oorleef.

En ek sit nou maar op genade hier en wag vir die Oubaas daar bo om vir my nog 'n plan vir 'n goeie boek te gee.

Ek is baie dankbaar. Ek probeer myself soms vergelyk met 'n radio en ek hoop die Oubaas gaan 'n stukkie nuus gee, 'n bietjie help. Want ek moet erken dat my mooiste stories het gebeur wanneer ek ontvang het wat moet kom. Mens kry dit soms reg om nederig te wees as jy wil, maar ook trots, want wragtig, jy wil darem nou 'n mooi ding probeer sê! Jy word in die oggend wakker en jy het 'n hele storie in jou kop. En jy het nie daaraan gewerk nie. Ek noem dit 'n pasella van Bo. Dis belangrik om jouself oop te stel - die ouens met hulle teorieë, hulle weet klaar wat goed is vir jou en dit is sommer stront...

As mense bekommerd is oor die toekoms, kan jy altyd vir hulle een antwoord gee - en dit is - ons het nie die reg om die toekoms te weet nie. Dis behoorlik verbode. Ja, dit is normaal om te spekuleer waarheen dit alles gaan en mens moet ook wederstrewig wees. Jy moet probeer weet, al is dit hopeloos. Daar het jy nou 'n goeie resep - dis nie nihilisme nie - maar miskien 'n vorm van verstaan waarom die heelal bestaan....

OOR DIE NUWE GESLAG AFRIKAANSE SKRYWERS:

Hierdie klomp verdra nie meer die gewone, manlike, meer reguit prosa nie. Daar is 'n katterige verwyfdheid, skerpigheid in hul prosa. Ek wil nie graag 'n moderne skrywer wees nie. Dit is te moeilik. En as ek nou weer van interpunktualiteit, en post-modernisme en die vreeslike geleerde woorde moet hoor wat hulle van Parys en oral af kry... Dis 'n verskriklike akademiese, onvrugbare mode. Hulle is soos skerpioene wat hulle angeltjies vir hulself eintlik reghou.

OOR AFRIKA:

Moenie 'n fout maak nie, daai spul wit en swart Transvalers wil ek glad nie hier hê nie. Ek was bewus van my Afrika-konneksie en ek het doodgewoon gewonder waar ek kan deelneem. Maar wat het Afrika my gegee?

OOR KLEURPOLITIEK:

Omdat ek besef het, wat die wit Afrikane betref, is daar net een genade vir hom in Afrika, en dit is om uit die verdomde gemors van kleur te kom. En daarom stoot ek nog altyd die geskiedenis en taal as 'n eenheidsfaktor, die ontstaan daarvan ook, dit is vir my die groot stryd vandag en die blêddie KP's is aanmekaar tussenin met hulle velkleur en so, hulle mors alles op.

Viva MEJ BAPSFONTEIN

(*'n uittreksel uit* "DERTIG, DIK, DEPRESSIEF EN DESPERAAT", *'n roman in wording*)

deur THEUNIS ENGELBRECHT

JA, die tekens van die tye is daar, ons lewe in die laaste dae, dink mev Boudjies Botha (30) wrang, want haar gesinnetjie is besig om te verbrokkel. Waar gaan alles heen? Hulle is nooit meer saam nie, vra nooit meer uit na mekaar se welstand nie.

Waar is die dae tog toe hulle Saterdagoggende almal saam in Boetie se stasiewa shopping centre toe is en op pad soontoe Hoëveldversoeke geluister het? Die dae toe hulle vol afwagting en opwinding deur die gange van die shopping centre gewandel het, begeester deur die reuk van gebraaide wors by die worsbroodjie-stalletjies? Die dae toe hulle nog saam inry toe gegaan het en op komberse op die hobbels gesit en toebroodjies met eier en mayonnaise geëet het. Hulle het maar altyd op die hobbels gesit en ter wille van daardie piekniekatmosfeer, maar ook omdat almal so teen nege-uur verbete begin poep van die eierbroodjies en dan gee dit 'n helse gebakleiery af in die kar - in só 'n mate dat hulle skaars kan hoor wat die cowboys op die silwerdoek vir mekaar sê.

Boudjies voel 'n cowboy het baie diepte. Cowboys verstaan die lewe, hulle het begrip vir die woelinge van 'n vrou se siel. Vir haar was die mooiste tonele in die inry altyd dié waarin die held die kroegdeure oopskop en instap om die skelm te donder wat sy meisies afgevry het net om agter te kom sy meisie wil hom nie meer hê nie want die nuwe kêrel het meer gewere as hy, en hy dan met geboë skouers - maar tog nog met iets van die trots van 'n Bart Nel in hom - die sonsondergang binnestap terwyl iemand droewig op 'n staalkitaar speel.

En waar is die dae toe hulle nog saam as gesinnetjie bioskoop toe gegaan het en mev ds Jouissance Jansonius voor die tyd liedjies van Min Shaw gesing het soos "Jy is my liefling" en "Jy het diamante wat skitter?" Ja, dit was ook net die goeie ou dae van die bioskoop dat Boudjies dit kon bekostig om mense vir ete te nooi, want daar was altyd nommers op die popcornbokse en as hulle jou nommer trek, wen jy 'n skaapboud. Elke keer wanneer sy 'n skaapboud gewen het, kon Boudjies mense nooi vir ete. Ai, dan was dit so heerlik as sy en Bekkie vir die gaste op die Lowrey-orrel speel en liedjies van Virginia Lee en Jim Reeves saam sing.

Die disintegrasie van haar gesinslewe het so gou gebeur, dink Boudjies verbyster. Sy onthou so goed nog die laaste keer toe hulle saam uitgegaan het. Dit was langnaweek, en hulle is na Bapsfontein en Wild Waters toe buite Boksburg. O, dit was só mooi! Want dieselfde naweek is Mej Bapsfontein aangewys en almal was so opgewonde. Die eerste aand is die semi-finaliste aangewys. Almal het heeltyd daaroor gepraat en die semi-finaliste bespreek en teenoor mekaar afgespeel. Wie gaan wen, dink jy? Haar bobene sit darem gans te ver van mekaar af, ek is seker sy is nie meer 'n maagd nie, weet jy? Haai sies, wat sal ou Lenie Lourens sê as sy weet haar dogter skryf haar vir 'n skoonheidswedstryd in en paradeer byna kaalgat soos 'n koei voor al dié mense? Sy sal hartversaking kry as sy hoor sommige mense noem haar dogter al klaar ou Lalie Lospoes.

Die tweede aand was 'n uitdunronde en ses finaliste is aangewys. Mej Bapsfontein en haar twee prinsesse sou eers die volgende dag aangewys word. Die besoekers kon dit net nie meer hou nie. Die spanning het opgelaai, kêrels het hul naels omtrent afgekou, weddenskappe is aangegaan en skoolseuns het in die middel van die nag swetend wakker geword en verwoed met hulself begin speel asof die Oordeelsdag op hande is en hulle nie lank meer dié plesiertjie gegun sou word nie. Gemoedere het ook hoog geloop as enigiemand dit gewaag het om iets leliks oor enige van die ses finaliste te sê, want hulle is darem die room van die oes van ons volk en hulle gaan almal volgende week op die voorblad wees van die *Eastern Rand Herald,* daarom is hulle heldinne en moet ons na hulle omsien.

Die kroning was baie mooi. Dit was regtig iets om op trots te wees, het almal na die tyd gesê. Innes en Franna het 'n klompie request-numbers gesing, en daarna het die finaliste oor die verhoog geparadeer in 'n verskeidenheid uitrustings: Tiervel-tanga's, keurige snyerspakkies waaroor die dames by die kringleiersvergadering van die Vroue-Landbou Unie rasend sou wees, nighties van verleidelike sy wat sag gewapper het in die ligte aandwindjie, en deftige uitrustings wat die vroue in *Dynasty* na blourokke laat lyk het. Besiel en trots op hul vaderland het al die finaliste hul onderlywe soos kruiwa's voor hulle uitgestoot. Die mans was histeries verby.

En toe het die groot oomblik gekom toe Edwill van Aarde die prinsesse en Mej Bapsfontein moes aankondig. Hy het gesê as die nasie se mans op 'n Saterdagmiddag moet kies tussen rugby, krieket of mooi meisies, sal mooi meisies altyd seëvier.

Toe Lalie Lourens as Mej Bapsfontein aangewys is, het sy spontaan in trane uitgebars en die ander vyf finaliste het haar omhels en haar al soenend gelukgewens, terwyl hulle heimlik gehoop het. haar eierstokke vrot af. Edwill van Aarde het vir Lalie die geleentheid gegee om 'n paar woorde te sê, en haar kort toesprakie het almal wat teenwoordig was, laat besef ons volk het nog dogters waarop ons trots kan wees: "Ek wil dankie sê aan my pa en ma, Louis en Lenie, aan my sersant by die leërkollege in George en aan my Skepper: As dit nie vir hulle was en die talente wat God aan my gegee het nie, sou ek nie gewees het waar ek vandag is nie."

'n Oorverdowende gejuig het losgebars en op daardie sonskyndag was daar gelyktydig iets soos 2 000 ereksies - voorwaar 'n rekord.

Edwill van Aarde het toe gesê watter pryse het Lalie alles gewen: 'n Tumbledrier, 'n primusstofie, rokke ter waarde van R50 geskenk deur die OK, grimering en 'n jaar se gratis intekening op die tydskrif Keur.

Bekkie, Boudjies se twaalfjarige dogter, se gemoed het volgeskiet. En onmiddellik het sy besef wat sy in die lewe wou doen: Sy wil ook 'n skoonheidskoningin word. Sy wil ook so staan terwyl almal vir haar cheer en fluit en sy wil ook sulke wonderlike pryse wen.

Die besoek aan Bapsfontein mag dalk die gesinnetjie Botha se laaste uitstappie saam gewees het, maar ten minste het dit Bekkie darem met 'n roeping en ideaal gelaat benewens haar drome om soos Anna Neethling Pohl te kan resitasies opsê.

Ja, die goeie ou dae, en waar is hulle nou heen? Weg. Die gesin is die hoeksteen van die samelewing en oral is gesinne aan die verbrokkel.

Boudjies se oë skiet vol trane. As gesinnetjie het ons darem wel baie om voor dankbaar te wees, dink sy. Boetie slaan my nie. Nog nie een van my kinders het buite-egtelike kinders nie, hulle hoef nie te bedel vir geld nie. Hulle gaan slaap wel soms honger, maar darem nie elke aand nie en hulle het darem nog 'n kerk wat vir hulle omgee.

Vrye Weekblad plaas elke tweede week 'n kortverhaal. Verkieslik ongepubliseerde kortverhale in Afrikaans of Engels, nie langer nie as 1 200 woorde, kan gestuur word aan: **Vrye Weekblad Fiksie, Posbus 177, Newtown 2113.** Die redaksie sal besluit watter verhale geplaas moet word en geen korrespondensie sal oor dié keuse gevoer word nie. Skrywers ontvang R250 vir 'n verhaal/verhale wat gepubliseer word.



look out for **TWO TONE**

the new *jazz* magazine

in ***Vrye*Weekblad** december 13

Die besluit OM OORLOG TE MAAK...



THE COMMANDERS
deur Bob Woodward,
Simon en Schuster, 398 bladsye,
R100,05 (insluitende BTW)

JACQUES PAUW

Dit is 'n angswekkende gedagte: die veiligheid van Amerika en bykans die ganse wêreld rus in die hande van vyf mense. Dit is húlle wat besluit of daar oorlog gaan wees. Dit is húlle wat 'n kernarsenaal beheer groot genoeg om die hele aarde uit te wis.

Die befaamde Amerikaanse joernalis Bob Woodward noem hulle "The Commanders", die top-leierskap van die Verenigde State. Dis dié binnekring wat besluit het dat Panama binnegeval moes word en Saddam Hussein en sy miljoen manskappe uit Kuweit gedryf moet word.

Die vyftal is President George Bush, die Amerikaanse minister van Buitelandse Sake, James A Baker, die minister van Verdediging, Dick Cheney, die nasionale veiligheidsadviseur, Brent Scowcroft, en die voorsitter van die gesamentlike stafhoofde (die hoof van die Amerikaanse gewapende magte), generaal Colin Powell.

The Commanders is Woodward, wat altyd onthou sal word as dié joernalis wat saam met Carl Bernstein die Watergate-skandaal oopgevlek en die regering van Richard Nixon tot 'n val gebring het, se sesde boek. En wat 'n merkwaardige stuk ondersoekende joernalistiek is dit nie.

The Commanders gaan oor die besluitnemers in die Amerikaanse regering, hulle verhouding met mekaar, hulle voorkeure en afkeure, hulle swakhede en tekortkominge. Hierdie is die menslike verhaal agter die monumentale besluite wat dié groepie die afgelope drie jaar geneem het - besluite wat 'n nuwe era in wêreldpolitiek ingelui het waar die Amerikaanse militêre masjien buitelandse beleid domineer.

Die boek strek oor 'n periode van 800 dae vanaf 8 November 1988, toe George Bush as president ingesweer is, tot 16 Januarie 1991 met die begin van die Golfoorlog.

Hoekom dié boek?

Woodward verduidelik: "I had worked in the Pentagon for a year in 1969-70 as a 26-year-old Navy lieutenant. Few can serve in that unique, five-sided structure with its 23 000 employees, its maze of floors, corridors, rings and offices - or even visit as a tourist - and not wonder how it all fits together.

"Eigteen years later, I was still curious."

Dié nuuskierigheid het Woodward, tans assistent-besturende redakteur by *The Washington Post*, op 'n ekspidisie van 27 maande geneem waartydens hy onderhoude met 400 mense - meeste van hulle amptenare in die Pentagon en die Withuis - gevoer het. Hy sê dat hy met van hulle tot 40 onderhoude gevoer het.

Woodward het probeer om met die amptenare te praat enkele ure of dae nadat 'n gebeure ontvou het. Al die onderhoude is gevoer op 'n "deep background"-basis, wat beteken dat sy bronne geweet het dat hul nooit geïdentifiseer sal word nie.

Dit is interressant dat Woodward sê dat hy nooit self 'n onderhoud met Bush gevoer het nie. Wat taamlik seker blyk, is dat Baker, Powell, Cheney en Scowcroft hom wel in sy vertroue geneem en hom van binne-inligting voorsien het.

Daar is beskrywings van byvoorbeeld Powell wat alleen in sy kantoor sit en peins oor die noodsaaklikheid van oorlog teen Irak, van Cheney wat in sy vliegtuig op pad na Saoedi-Arabië wonder hoe hy koning Fahd gaan oorreed om Amerikaanse troepe op sy heilige grondgebied toe te laat en van Baker se gedagtes voor hy die laaste keer met die Irakese minister van buitelandse sake, Tariq Aziz, samesprekings gevoer het. Dié inligting kom Woodward net by dié besluitnemers self gekry het.

Die resultaat van Woodward se maandelange navorsing is 'n geskiedkundige dokument wat die leser in die siel van Amerikaanse besluitneming inneem. Die vergaderings tussen Bush en sy vertrouelinge is tot in die fynste besonderhede gerekonstrueer, van die "uhm's en die ahs's" van die president tot by Scowcroft wat senuweeagtig 'n asbakkie voor hom rondskuif.

Waarskynlik die merkwaadigste aspek aan Woodward se boek is die blote feit dat, ten minste vir my as Suid-Afrikaner, hy daarin kon slaag om so diep in die regering se binnekringe in te dring. Dit sê baie vir die oopheid en toeganklikheid van die Amerikaanse politieke proses.

'n Soortgelyke boek oor wat werklik in die binnekringe van die PW Botha-era in Suid-Afrika plaasgevind het, oor waar die werklike besluitneming gelê het, die binnedebatte in die Staatsveiligheidsraad oor invalle in die buurstate en die oorlog in Namibia sal waarskynlik nooit geskryf kan word nie.

Daarvoor is die Suid-Afrikaanse samelewing heeltemal te geslote en paranoïes, en waarskynlik sal enige joernalis wat so iets probeer aanpak, hom in 'n muur van verset en stilswye vasloop.

Die sentrale karakter in *The Commanders* is natuurlik Bush, volgens Woodward se rekonstruksies en vertellings 'n bot, versigtige, "hands-on" man wat die fynste detail van elke optrede en elke beplanning wou weet. Uit die boek blyk dit dat hy verrassend genoeg uiters emosioneel geraak het oor die besluit om 500 000 Amerikaners in 'n woestynoorlog in te stuur en werklik besorg was oor hul veiligheid.

Baker word voorgehou as die superdiplomaat - 'n man wat binne twee maande 100 000 myl gereis het om steun vir die president se Golf-inisiatief te werf en tot aan die bittereinde teen die oorlog gekant was.

Cheney, Bush se verrassende keuse as minister van verdediging, is soos sy president 'n versigtige man wat nie die minste teenstand van sy opperoffisiere geduld het nie en sy hoof van die lugmag summier ontslaan het.

Scowcroft blyk die mees oorlogsugtige van die groep te wees en was van die begin af ten gunste van die totale vernietiging van Irak.

Powell tree as die groot held uit die boek. Hy was aanvanklik bitterlik teen die oorlog gekant, onder meer omdat hy in Viëtnam was en die verwoesting van oorlog beleef het, maar toe Bush hom opdrag gee om vir oorlog gereed te maak, het hy sy beste generaals bymekaar geroep en 'n skitterende oorlogstrategie uitgewerk.

Kort voor die eerste skote in die oorlog geklap het, het Powell in sy kantoor gesit en peins. Woodwards skryf: "As in Panama, Powell felt he had adequately prepared the President. Bad things are going to happen, Mr President, Powell had said...He thought of the troops and pilots as kids, even teenagers. They would be flying in the darkness or dropping behind the lines to spot targets. It would come down to one American kid dealing with one Iraqi kid. Both would want to live.

"On this most important day of his life, he had no overriding thought. There was no cheering, no thrill, no eagerness, no battle fever. None of the emotions of war raged. He thought only one thing: How many will not come back."

Ek sê weer: dis angswekkend om saam met Woodward in die hart van die wêreld se magtigste moondheid te sit. Vyf mans en 'n paar adviseurs sit in die Withuis se Oval Office en neem 'n besluit wat honderde duisende lewens kan kos en die gekiedenis van die wêreld kan verander.

Een van die generaals deel die groep mee: "Mr President, you will lose about four to five airplanes a day or about a total of 150 airplanes over the 30 days.

"Bush did not show any emotion.

"The senior medical officer said they were planning on 20 000 anticipated (American) casualties, including about 7 000 killed in action.

"The room fell silent."

As daar enige troos in *The Commanders* is, is dat die besluit om Irak binne te val, oor 'n tydperk van maande en na intensiewe en deeglike voorleggings en beplannings geneem is. Tientalle planne is gemaak, waarvan die beste verfyn en weer aangepas is voordat die besluit geneem is om oorlog te maak.

Tog, uiteindelik, was dit Bush en sy vier vertrouelinge wat besluit het om 'n land te vernietig. Hulle het besluit om oorlog te maak - en dra vandag die verantwoordelikheid van die tienduisende Irakese en 137 Amerikaners wat in die oorlog dood is.

Dit is moeilik om Woodward en *The Commanders* te kritiseer. Dit is uitstekend geskryf, het 'n vinnige en boeiende pas en is pragtig en sorgsaam versorg. Ek het nog selde 'n boek van dié tipe gelees waar foto's so treffend en goed gebruik is.

The Commanders is beslis bo-aan my lysie vir 1991.

POLITIEKE WETENSKAP

Deeltydse Tutoriaal-Assistente vir 1992

(4 Poste)

Hier is u kans om by 'n dinamiese departement aan te sluit terwyl u, u studies voortsit.
Pligte: Mede-verantwoordelik vir die bedryf van voorgraadse seminaar- en tutoriaalklasse.
Vereistes: Ten minste 'n Hons.-graad in Politieke Wetenskap. Doseervaardigheid in Afrikaans.
Diensaanvaarding: Januarie of Februarie 1992.
Vergoeding: Ongeveer R10 000 p.j.
Sluitingsdatum: 25 November 1991.
Navrae: Prof. H.J. Kotzé, tel. (02231) 77-2107 of Prof. PdvP du Toit, tel. (02231) 77-3601.

'n Mededingende besoldigingspakket en uitstekende byvoordele is aan die poste verbonde. Nadere besonderhede is by (02231) 77-4590 beskikbaar.
'n Volledige curriculum vitae en inligting oor u huidige betrekking en salaris, asook die name en telefoonnommers van minstens twee referente en 'n aanduiding van die vroegste datum van diensaanvaarding, saam met gewaarmerkte afskrifte van sertifikate, moet gerig word aan die **Direkteur: Personeel, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X5018, Stellenbosch 7600.** Aansoekers moet hul referente versoek om so spoedig doenlik vertroulike verslae direk aan die bogenoemde adres te stuur.

Universiteit van Stellenbosch

PRONAM 2592

geldstad. goudstad. geweldstad. sweetstad. hardegatstad. afrika-stad. *eGoli.*

(Fotot: Graeme Williams/Southlight)

Wie se stad is dit dié? En waar's dié stad se hart? En hoekom ry daar iewers naby Bruma Lake 'n rooi Datsun rond met 'n *Even God Loves Johannesburg* bumper-sticker? - so asof dit nogal vreemd is dat God wel lief is vir dié stad. **ESMA ANDERSON** *en* **PEARLIE JOUBERT** *wonder ook*

DIE ou oom leun nader en praat intiem: "En die gesinnetjie van Worcester was op pad na familie in Rosebank. Hulle was nog nooit in Johannesburg nie en raak toe verdwaal en land op in een van Hillbrow se strate. By 'n robot trek 'n Hells Angel op sy motorfiets langs die gesin se stasiewa in.

"Jy weet mos van die Angels van Johannesburg? Hulle ry motorfietse en dra swart stewels en leerbaadjies.

"Die man draai sy venster af en vra mooi: Ekskuus meneer, kan jy dalk vir ons verduidelik hoe om in Rosebank te kom? Die Hells Angel draai stadig sy kop en trek toe 'n rewolwer uit sy broeksak. Sommer so uit die heup uit skiet hy 'n skoot en sê aan die verskrikte gesin: Follow the bullet."

Van hernieude skok rus die ou oom eers 'n rukkie. Dan gaan hy voort: "Dis waar. Dis mos hoe dit daar in Johannesburg gaan," vertel hy en klik sy tong.

Legendes vertel meer van stede as wat die Inligtingsburo in Commissionerstraat ooit kan hoop om te doen. Want eGoli; Goudstad; The City of Gold; Joeys; Jo'burg; Johannesburg verwys alles na 'n een plek waar niemand presies weet hoekom hulle hier - hier, só naby aan die edge - woon of werk nie.

Maar Johannesburg is nie 'n Goudstad nie, maar eerder 'n Swartstad. Want die mense wat hier die hardste op die sypaadjies lag, wat praat-praat en al etende in die middestad oor die middaguur kuier, is nie die bank-bestuurders en die aandele-makelaars nie - dit is die swartmense.

Want dit is hulle stad - hulle het die goud uitgekap; die sypaadjies gebou; op die stellasies gestaan en die bakstene gelê en vandag is Johannesburg Suid-Afrika se enigste werklike Afrika-stad.

Dit was nie altyd so nie. Maar eers in die laaste paar jaar het swartmense Johannesburg hul eie gemaak. Tot so 'n mate dat daar nou oor naweke byna geen wit gesig in die middestad te sien is nie en in so 'n mate dat bykans nét swartmense vandag in die



(Foto: Joao Silva/Southlight)

(Fotot: Graeme Williams/Southlight)

middestad woon.

Plattelanders en mense wat nie in Johannesburg woon nie, verwys dikwels na dié stad as die betonoerwoud en na Pretoria as die Jakarandastad, alhoewel daar meer Jakarandas in Johannesburg is as in Pretoria.

In dié stad met 'n bevolkingsgroei van een persent per jaar; waar 90 000 mense in die middestad woon; 900 000 mense in Johannesburg munisipale-gebied en nóg byna drie miljoen mense in die metropolitaanse gebied van Johannesburg woon, groei meer as ses miljoen bome.

En bowenal was dit maar net 'n skrale 105 jaar gelede dat 'n groep mans met 'n mal-goudglinstering in hul oë in die Murchison-reeks van die Soutpansberg-distrik begin spit en kap en goud ontdek het. En skielik was Johannesburg ook daar.

In 1898 was die hele Johannesburg-gebied maar vyf vierkante myl groot; in 1903 was dié gebied 82 vierkante myl en vandag is Johannesburg 'n yslike 1 147,9 vierkante kilometer.

Maar nou praat ons van Johannesburg Proper; soos die munisipale grense getrek is. As nie-Johannesburgers of buitelanders van Johannesburg praat, dan bedoel hulle Groter Johannesburg, wat die Oos-Rand, Wes-Rand, Randburg, Sandton, Alexandra, Soweto en Edenvale ook insluit.

Maar wat was vóór die eerste tentdorpie en eerste mynskagte?

Opgrawings het gewys dat daar tot 100 000 jaar gelede (in die vroeë Steentydperk) mense in die koppies van Melville, Northcliff en Linksfield gewoon het. En dié mense, wat meestal ysterbewerkers was, was die eerste inwoners van Johannesburg. Vandag lê Johannesburg se ware geskiedenis begrawe onder die sement en teer wat vandag die spogwoonbuurtes van die noordelike voorstede is.

Oorloë het egter vroeg in die 1800's die gebied, wat vandag die Witwatersrand genoem word, ontvolk gelaat. En dit is in dié tyd dat die witmense op die stuk land aankom.

Die aantygings dat Johannesburgers hul lewens op die snelweë waag, vuil lug inasem en see en berg-ontbering teëstaan weens die rat-race na welvaart, lyk waar wanneer mens na Johannesburg se 105 jaar-geskiedenis kyk.

Onse stad se eerste inwoners was harde kapitaliste, harde drinkers, uitbuiters en trekarbeiders en byna almal manlik - mense wat beslis nie hierheen gekom het vir die sonnige klimaat of die hoëveldse winters of die kosmosse van die herfs nie.

En 105 jaar is beslis nie genoeg tyd om dié genetiese poel van goud en plesier soekers te verander nie - nog altyd was dié geldlus in Johannesburgers se are. En daarom sal Johannesburg nooit 'n respektabele plek wees nie - soos die ou oom dan ook gesê het.

Dat nog bitter min die afgelope 105 jaar verander het, en Johannesburg steeds die Sodom en Gomorra van Suid-Afrika is, is duidelik uit 'n besoekende Australiese joernalis, Ambrose Pratt, se beskrywing van Johannesburg in 1910: "Ancient Nineveh and Babylon have been revived. Johannesburg is their twentieth century prototype. It is a city of unbridled squander and unfathomable squalor."

Die geskoolde wit mynwerkers wat in die 1800's hulself hier in losieshuise kom vestig het en die ongeskoolde swart mynwerkers wat in die kamponge gewoon het - so sonder familie, God en gebod, se gees heers vandag nog in Johannesburg se middestad en Hillbrow-gebied.

Herman Charles Bosman skryf dan ook so oor Joh'burg met sy harde goudhart: "They are trying to make Johannesburg respectable. They are trying to make snobs out of us, making us forget who our ancestors were. They are trying to make us lose our sense of pride in the fact that our forebears were a lot of roughnecks who knew nothing about culture and who came here to look for gold."

En so sonder families het 'n tipiese werkersklas kultuur van moer, hoer en mampoer (én dobbel) ontstaan.

In sestien van die eerste 27 permanente strukture wat in Johannesburg opgerig is, kon mense drink en in 1888 was daar 147 gelisensieërde kroeë in Johannesburg wat styg tot 552 in 1892. Vandag is daar 1 005 gelisensieërde drinkplekke net in die Johannesburg munisipale gebied - wat beteken dat mens letterlik elke dag van die jaar, vir net minder as drie jaar lank, elke aand in 'n nuwe drinkplek 'n Black Label kan gaan drink!

'n Kenmerk van Johannesburg se sosiale lewe - of dit nou in die nie-rassige kroeë van die middestad; by spierwit noordelike voorstede-etes; piss-ups of pieknieks is, is die gesprekke oor die toename in misdaad. En dit maak nie saak waar jy bly nie - as Johannesburger raak misdaad jou daagliks. Mense in Kaapstad sal jou dalk vra of jy al teen Tafelberg op is, maar in Johannesburg vra hulle jou of jy al aangeval of beroof is.

Van byna elke liewe Johannesburger is ook al iets gesteel - jou motor-radio, jou motor self, jou geld, jou beursie, jou kitsbank-kaarte, jou aktetas, jou kos, klere en deesdae selfs jou job.

Maar Johannesburg was nog altyd so. Misdaad het nie gekom, soos mens hoor tydens veral kunsgallery-openings, saam met FW de Klerk en 'n vry Nelson Mandela nie.

Met die Depressie van 1890 het groot getalle swart mense hul werk verloor en begin mense vir die eerste maal openlik kla oor "die rowers" van Johannesburg. Die instelling van die paswette in 1896 het dit onmoontlik gemaak vir dié werkers om in die dorpe aan te bly wat hulle gedwing is om uit te wyk na die randjies vanwaar georganiseerde struikrowe gedoen is. En het ons dan die berugte Foster-bende met hul grot in Kensington vergeet?

En saam met die toename in misdaad het die polieste gekom en vandag is daar byna 100 polisiekantore in die Witwatersrand, maar geen afname in die misdaadsyfers nie. 'n Voetganger van die middestad het vandag 'n drie persent kans om in die middestad beroof te word. In die middestad is 1 230 mense vanjaar al aangerand; 10 466 diefstalle gepleeg; 2 155 huisbrake aangemeld; 115 mense vermoor; 2 020 mense beroof; 656 klagtes van saakbeskadiging aangemeld en 111 vroue verkrag - net in die middestad.

Anders as die meeste ander groot Suid-Afrikaanse stede, het Johannesburg geen natuurlike bakens nie. Dit het nie oseane, riviere, berge, valleie of selfs vlaktes nie, net mynhope en torings - ook nie eens kerktorings soos menige ou dorp of stad nie, maar 'n Poskantoortoring en 'n Uitsaaitoring.

Selfs dié bakens is nie kentekens waarmee Johannesburgers juis identifiseer soos Parysenaars met die Eifeltoring, of New Yorkers met die Statue of Liberty nie, omdat dit geen simboliese waarde het nie. Dit is hoogstens falliese simbole...

Johannesburg is 'n waarlik kosmopolitiese stad - maar tog jy kan voor 'n kaart van Johannesburg sit en jou vinger op 'n woonbuurt druk en sê: Hier is Yeoville, hier woon die arm Jode; hier is Linden, hier woon die ryk Boere; hier is Orange Grove, vol Italianers; hier is Rosetenville of klein Portugal; hier is Kensington vol middelklas Engelse met boepens-omies met MOTH-baadjies; Sydenham, die tuiste van die ryk Engelse; hier is Melville met sy boere-yuppies en kugels af die plaas;. hier is Mayfair vol Indiërs - en Hillbrow vol verlooptes van oraloor die wêreld.

'n Lekker stad dié, sou mens amper kon dink... maar steeds die enigste stad in die land waar 'n kollega een Maandag-oggend in die kantoor kom vertel van sy hondjie wat die oggend in die straat deur 'n perd doodgeskop is. Hy woon in Melville - nie aan die rand van Melville langs 'n oop stuk veld nie, sommer net in die middel van Melville tussen huise en nog huise en teerstrate en 'n perd het een sonnige Sondag sy hond in die straat voor sy huis doodgeskop...



(Fotot: Graeme Williams/Southlight)



(Fotot: Graeme Williams/Southlight)









INNER CITY *blues*

A photo essay by **GRAEME WILLIAMS**





the madness and civilization of

yeoville

BY GARTH VAN DER WALT

Yeoville. Two thirty. The last set at the redneck bar on the main strip ends and fired up on the last masturbatory guitar solo from "Hotel California", the tourists sit itching at the traffic light revving.

Feeling inadequate (sexually I suspect) those who are on their own rev loudest ... Tyres wail maniacally... wait for the headlights... NOW!

The potato thunks onto the bonnet and bounces madly across the road... Tyres wail maniacally... the car stops... burnt rubber... doors open... "What the fuck do you think you're doing? ... If I catch..."

But crouched behind the balcony wall the beer swiller's bluster is lost as I try to stifle my laughter. Laughter at the fact that I'm defending my turf... marking my territory... behaving like a village elder.

Since when? Why?

Because there's a sense of being in this eccentric mish-mashed community. Because there's shelter from the shopping-centred electronically gated paranoia to the north; from rentlords and sardine-density living to the west; from the east; from the mundane middle class suburbia to the east; from aggression and the trapped feeling pervasive in the South.

Because this shelter doesn't imply complacency, compromise, conformity. Because it doesn't make attempts to whitewash contradictions. Because in its won haphazard and eccentric way it confronts what is happening in the world around us - or does it?

Maybe it's the contradictions... health shop owners leaving stale muesli for homeless glue-sniffers; waking to the smell of jacaranda's and a couple arguing: "Jy'tie eers genoeg geld om 'n vrou 'n pantie te koop nie"; maybe its unionists sitting in a deli, eating salmon bagels, discussing worker alienation and paying the bill with an American Express Gold Card.

Maybe it's the "war of the worlds" water tower, sunsets from the ridge, gambling in the park, pressed ceilings, rusty baths, wooden floors, dope deals on the corner, or dogs that don't bark all night.

Maybe its the 20 cents I get for seeing the sea first everytime I drive over the dips in Bezuidenhout Avenue.

Or maybe its just knowing there are other elders out there stifling laughter behind balconeys.

(Garth is a balding part-time drummer/ proof reader/potato-hurler)



Yeoville se kinders (Foto: Rodger Bosch)



Hillbrow se Woonstelbewoners (Foto: Graeme Williams/Southlight)

straatkinders, tattoo's en gomsnuifers -

maar hillbrow lééf

ALIDA ERASMUS EN CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN

OM van Boksburg na Hillbrow te verhuis, is nogal 'n kultuurskok. Veral drie jaar gelede toe Boksburg se KP stadsraad berug geword het vir hul blatante rassisme.

Hillbrow het ook inderdaad verander in die tyd wat ons hier woon. Deesdae is Hillbrow oorbevolk en die strate vuil. Baie mense verklaar dit vanuit 'n rassistiese oogpunt, maar na my mening lê die fout by die stadsraad wat nalaat om die munisipale regulasies behoorlik toe te pas.

Mense wat woonstelle in Hillbrow besit, wit sowel as swart, is almal besorg oor die agteruitgang van die voorstad. Die probleem, glo ek, lê by die "slum lords" wat die behuisingsnood uitbuit en geen kontrole oor die getal mense wat in hulle woonstelle woon uitoefen nie. Terwyl die eienaars knus en veilig in hulle noordelike voorstede of elders woon, vra hulle buitensporige hoë huur wat veroorsaak dat mense genoodsaak is om woonstelle te deel.

Hillbrow se kultuur word bepaal deur die groot verskeidenheid mense. Jy kry die blinkwit spul in Café 3 Sisters. Dis die mense wat weeklíks kom kyk hoe lewe die ander sewe agstes van die Suid-Afrikaanse bevolking. Groovy en trendy sit hulle op die sypaadjie onder plastieksambrele en waai die straatkinders soos vlieë weg.

Wat my bring by die mense wat Hillbrow werklik kenmerk: die straatkinders. Hulle verdien hul gom en brood met die aanwysing van parkeerplekke. Snags slaap hulle in urien-deurdrenkte stegies.

Die straatkinders se kompetisie is daar in die vorm van die ouer garde bedelaars. As jy so 'n paar keer in Hillbrow was begin jy hulle herken - en hulle jou. Jy tref hulle altyd op dieselfde plekke aan. Die een voor Look and Listen is heel flambojant: roep jou nader met 'n "hello my darling" en kry jou partykeer selfs sover - met 'n slim speling van woorde - om vir haar Chicken Licken te koop.

Vrydag- en Saterdagaande vermy Hillbrowers Hillbrow. Die Citi Golfs en Toyota Cressida-familiewaens staan dan ingeryg langs die sypaadjies. Dis die Groot Instroming van Oos-Randers-aande. Dertienjarige kindertjies staan bankvas voor Bella Napoli-klub tot vieruur die oggend. Oral loop seuntjies rond met sigarette wat op indrukwekkende wyse aan hul onderlippe kleef.

Die effens meer seedy kant van Hillbrow is op die straathoeke en in die pool rooms te sien. Mans met tattoo's en littekens in leathergear, vroue in boob tubes en ski pants met te veel make-up aan.

Tog het Hillbrow plate- en boekwinkels van byna onoortreflike gehalte. Take away-plekke bly 24 uur oop, kettingwinkels soos Checkers is tot agt-uur die aand oop. Mens kan die lewe vóél in Hillbrow. Hillbrow het op die oomblik sekerlik die naaste aan 'n internasionale atmosfeer waarop ons in Suid-Afrika kan hoop om by uit te kom.

(Alida Erasmus is die Hillbrow-ma en Christi van der Westhuizen haar dogter, en saam stap hulle deur die Hillbrow-strate.)



Skaakspelers van Joubert Park (Foto: Rodger Bosch)

van belville na **melville**

DEUR LOCHNER DE KOCK

"From Belville to Melville" lyk my is hoe my outobiografie se titel sal moet wees.

Melville is NIE Klein-Hollywood nie, net so min as wat Orkney Snork Nie nie Who's the Boss is nie. En as jy my nie glo nie, wag tot jy my en die res van my akteur-kollegas se bank-wanbalanse sien. Ons het almal aftrekorders op ons overdrafts!

Melville is 'n dorpie op sy eie. 'n Klein land van die Lotuseters met min mishope vir kraaiende hane. Hier is van die ou, oorspronklike inwoners en hul nasate met warm harte en oop gemoedere. Hier kan jy nog jou baard en hare laat skeer by 'n regte barbier, kompleet met rooi-en-wit draaipilaar en lekker gesels. Net langsaan 'n varsvleismark met sweerlik die mooiste en sagste skaapboude in die land. (Laat jou wens jy was 'n ram...)

Soggens, koffie en tee in die Koffiehuis saam met die "Brekfisklub". Elke ou by sy eie tafel. Mauritz en Rika in die hoek, Lillian en familie in die middel, ek en Richard hier, P.G daar. Mees en Malcolm hier en daar en die vreemdes oral. Met Badia en Kie wat drinkgoed, eetgoed en goeiemôres uitdeel onder elenaar Jan met die mooi hemde se wakende oog en trotsgryse baard. Die eerste klein deeltjie van ons groot Melville-familie.

Die res van die familie skaar hulle daagliks om en by ons. Die tweedehandse boekwinkelman wat spesiale boeke vir ons merk en eenkant hou, Eric by Kuala Blu wat Thai- en Indonesiese kos maak laat jou tong snik van aandoening, 'n gewese Mej Suid-Afrika en 'n popsanger as apteker.

En toe my Christine ons klein Cara in die hospitaal loop kry, stuur die drankwinkel sjampanje, die blomwinkel blomme, en die slagter droëwors.

OK, hier word ook ingebreek, moord gepleeg en gevloek uit karre. Maar waar is goeie kerrie sonder gemmer en rissies?

Melville is MY dorp, met sy bultjies, lane, hordes bome, joggers, honde, artists, omies en anties, maar hy's bowenal MY dorp omdat my huis en sy upkeep my 'n dônnerse fortuin kos.

(Lochner de Kock is 'n akteur, stemkunstenaar, sanger en 'n man met 'n formidabele ponlestert.)

newtown

is undesigner transcendence

BY RICKY BURNETT

To a romantic such as myself, disoriented by the fantasy worlds of walled-in suburbs, quarentined ghettoes, total onslaught shopping centres and the like, Newtown has a compelling air of reality.

I like the stability suggested by the use of old industrial buildings for new activity. It gives me a sense of history when so much of our past is unpalatable. I like the ragged "undesigner" skyline; the railway lines; the slight down-at-heelness. Newtown is frank.

Social and cultural variety has suffered at the hands of planners and puritans. Newtown is a place where the devisive and unconditional either/or's of our past can be, and to some extent are being, transcended.

Interesting people see good art in Newtown; they eat good food, hear good music, drink good beer, enjoy good theatre and buy good books. They also see quite a lot of each other.

The real world is going to persist and grow in Newtown. By all accounts we've seen nothing yet. Watch our space!

(Ricky Burnett is an arts philosopher, beer drinker and manager of the Newtown Galleries.)

'n Inwoner van Vrededorp ... (Foto: Paul Weinberg/Southlight)

vrededorp: living in history

BY HARRY DUGMORE

Vrededorp is the great apartheid suburb of Johannesburg. Created in 1893 by Paul Kruger's ZAR government, the first eleven streets were earmarked strictly for so-called "arm burgers" - the earliest urban "poor whites". And 12th to 27th street were allocated for "Malays, Arabs and Coolies".

Although some "racial mixing" took place in the early days, and a large number of Africans moved into the "Malay Location" area (as 11th to 27th streets was known), by 1907 the white part of Vrededorp was almost completely "pure" - something which took 30 years and longer to enforce in the rest of Johannesburg.

By the 1930's Vrededorp must have been one of the most surreal places on earth. Always a tiny suburb, you would walk through the "white" part in five minutes, an area which earnestly supported the white miners in 1922 and which returned one of the first ever Nationalist MP's - Oswald Pirow, an early proto-fascist, and later minister of Justice. Then, before you could blink, you would have crossed a ten-metre wide street and come into "Fietas", a vibrant "location" of 10 000 Coloureds, Indians and Africans - all crammed into an area you could literally walk through in just another five minutes.

In the 1930's, the Medical Officer of Health of Johannesburg ventured that Vrededorp might have "the highest rate of overcrowding, on area, anywhere in the world".

Those are the ghosts of Vrededorp, ghosts whose remnants jump up at you as you run through the suburb late at night - which I greatly enjoy doing. I canter through streets in which the great South African writer Peter Abrahams grew up and learned his craft; streets in which Chinese and Coloured men and women played "Fah-fee"; steets (in the Malay Location/Pageview part of Vrededorp) from where the grandfathers of the merchants now forcibly removed to the Oriental Plaza, plied their trade.

I see around me all the signs of the oppressive and pervasive poverty that has always characterised Vrededorp. It is not a pretty suburb. But, as in all poor suburbs, the children play on the streets, and people are moving around, and you feel strangely safer - as a whitey - than you might in Kensington, or in Melville. While most white suburbs in Johannesburg only have lawns, this place has life!

The future of Vrededorp looks good - with the possible exception of the routing of A3 Arterial Highway right through its middle. It may yet again become what "Fietas" always threatened to be: a vibrant non-racial melting-pot, a suburb of good neighbourliness, a place, quite simply, of vrede.

(Harry Dugmore is a politically, environmentally and sexually aware journalist - a leftie-who-goes-to-the-gym.)

'n Noordelike voorstad-toneel (Foto: Kader vav Lohuizen)

saxonwold

- need anyone say more?

DEUR TINA DU TOIT

SAXONWOLD was in Johannesburg se vroeë dae 'n woud; vernoem na die Saxenwald's. En die paar huise wat hier was, het aan ryk Engelse mynmagnate behoort.

Die bome het plek gemaak vir bale huise met hoë mure en sterk elektroniese hekke en veglustige honde: Ontwerp om mense uit te hou, en 'n wêreld wat lank nie meer realisties is nie, te beskerm. Dis die tiplese Untouchable-sindroom waaraan wit middelklas Suid-Afrikaners ly - 'n plek waar dit makliker is om realiteite te vergeet as jy vasstaar in die skyn van jou eie wit mure rondom jou eie huis.

Gister is 'n ou vrou in ons straat aangeval en beroof. Laasweek is drie motors buite iemand se huis gesteel. Toe ek laat gisteraand by die huis kom en in die straat bly staan en gesels, het 'n geel wa langs my gestop en gesê ek moet ingaan "want iemand met 'n geweer hardloop in die strate rond".

En dít kan die hoogste wit mure en die lelikste Vegbulteriërs nie versteek nie. 'n Gesteelde motor mag die bewussyn van die inwoners van gemaklike woonbuurte soos hierdie deurdring, maar Sanlam sal betaal, en dit is al. Die feit is dat die armoede wat integraal deel van Suid-Afrika is, die lelike honde en elektroniese ogies bespotlik maak.

Daar is geen twyfel nie dat jy duur betaal om die groen bome, die Dieretuin en die meer op jou voorstoep te hê. Die have en die have-nots-argument sal daar altyd wees, en dié land se erfenis sal lank by ons bly, maar gegrimeerde huisvroue bepaal nie wie dié rolle sal vervul nie. Nog minder hul mercedesfreak-mans.

Maar ek woon hier en ek hou van Saxonwold... want dis mooi, maar dit is nie myne nie.

(Tina du Toit is 'n uitgewer en so na aan 'n Boere-kugel as jy kan kry.)

die man in 118 (en die ANC)

DEUR RYK HATTINGH - 'n man wat sy lewe gewaag het in Bez-valley en dit steeds elke dag waag...

EK was in die kelder om van twaalf jaar van die Le Grange's se rommel ontslae te raak. Ou lugreëlingtoestelle, leë bottels, 'n yskas, stapels en stapels totalisatorvormpies.

Ek wou die kelder vir ander dinge gebruik. Toe hoor ek hom. Die man oorkant die straat. "I'll kick you in your cunt, ek sê. I hate fuckin' kaffirs and Jews..."

My eerste Saterdag in my nuwe huis in Bezuidenhoutsvallei en ek besef ek het 'n volbloed fascis op die koop toe gekry.

Hy staan in die middel van die eenrigting Ooste toe, kaal-bolyf en kwaad. Hy het 'n ysterpyp in sy hand. Twee huise verder, aan my kant van die pad, het 'n groepie mense vergader. 'n Swartman sit op die tuimuurtjie en hou sy kop vas. Dit lyk of hy sy ore toedruk.

Ek loer deur die gordyne. Ek het pas ingetrek. Dis nog nie my buurt nie.

"Come here, ek sê. I'll fuckin kill you. P...!" Hy woon in nommer 118.

Hy loop amper voor 'n aankomende motor in en dié slaan remme aan. "What the hell...?" Dis net waarvoor hy gewag het. Hy slaan die motor se agterruit uit, en met dieselfde oorgawe bestorm hy die groep mense en slaan 'n vrou aan my kant van die pad oor die kop. Sy val op die grond neer. Ek sien bloed deur die gordyne. Skielik is daar drie mans op hom. Hy breek weg en hardloop oor die pad terug na sy eie huis toe. Hulle agtervolg hom. Iemand gooi 'n halwe baksteen en tref die fascis se nuwe Ford Laser.

Toe bars my linkerkantste buurmense se voordeur oop en hy en sy tienerjarige seuns is ook op straat. "Get Dadda's gun," skree hy, maar niemand draai om om iets te gaan haal nie. Met die gedagte van 'n rewolwer, 'n piksteel en stokke is hulle agter die swartmans aan. Sy het voor my huis kom staan en hulle agterna gekyk. Sy verwag 'n kind en praat met die straat: "We never had kaffirs in this road. This is a white area. It was never like this."

Die man sonder 'n agterruit het om die blok gery en voor my huis kom stilhou.

"Where is that fuckin' madman? I am going to kill him. I don't care if he's pissed." Hy het 'n pistool in sy hand. Drie van 'n hele nuwe geslag polisiemanne daag op. En 'n ambulans.

Die man in 118 het uitgepass en kon nie 'n verklaring aflê nie.

Die man met die pistool het vertel wat gebeur het. Hoe hy rustig op pad huis toe was na die rugby en hoe hierdie white trash skielik voor sy motor ingeloop en sy agterruit uitgeslaan het. In sy lewe het hy nog nooit so iets gesien nie, en hy het al dinge gesien. In Rhodesië. Maar hy vertel nie verder nie. Hulle sê niks van die ysterpyp en die vrou wat in die ambulans gelaai word nie.

"They threw bricks at his car, constable. And it is not the first time. What are they doing here anyway? This is a white area," sê sy.

Ek vertel die konstabel dat ek gesien het hoe hy die vrou slaan en dat ek 'n verklaring wil aflê. 'n Hele gesin en 'n man met 'n pistool kyk in afgryse na my. "You're not Le Grange," sê sy.

Twee konstabels in my sitkamer. Ek gee vir hulle koffie en vertel wat ek deur die gordyne waargeneem het. Een konstabel maak notas terwyl die ander een so 'n bietjie rondkyk. Hy dink nie dit is baie ernstig nie. "Suburban violence is baie common in Bez Valley en as jy elke ou wat 'n pikkie bliksem moet opsluit, gaan daar nie veel van die plek oorbly nie. Jy weet wat ek meen?" Hy het sy hand by sy broek ingedruk en sy voël gemaklik gemaak. (Dankie aan *Stet*)

(Ryk Hattingh is 'n skrywer, joernalis, dramaturg en aspirant-sjamaan wat onlangs opgehou sigarette rook het.)



Mapantsula: Images of defiance

SUBVERSION *and* SOLIDARITY MY BRA

At last, and somewhat after the fact, *Mapantsula* comes to South African screens. Co-scripted by Oliver Schmitz and Thomas Mogotlane, the film garnered prizes for Best Film, Best Script, Best Supporting Actress, Best Music, Best Actor, Best Sound and Best Music at the 1989 AA Life/M-Net Vita Film Awards. Mapantsula was selected to represent South Africa at the 1989/1990 Oscars. **ANDREA VINASSA** checks out the scene

THERE was a time when Johannesburg was one of the world's leading film producing centres - we're talking quantity, not quality here - but the industry was largely a cloak-and-dagger operation. Foreign producers were at pains to disguise the Jo'burg skyline, cars drove on the wrong side of the road, everyone spoke with a twang of sorts. Jo'burg and its environs were successfully transformed into South America, Central Africa, middle-America and other planets.

Of the hundreds of films with their production offices in Johannesburg produced through the tax incentive scheme, very few featured the contemporary city. In *Mapantsula* the city plays a major role in reflecting the psychological reality of the characters: we are taken to the inner city, the shebeens and houses of Soweto, the affluent suburbs, and the prison cells and police interrogation rooms.

South Africa made a huge splash at the Cannes Film Festival in 1988, displaying scores of no-name-brand action-adventure films on the market. Durban producer Anant Singh plastered the streets with flyers for Darrell Roodt's *The Stick*. It was the most visible film of the festival.

But it was *Mapantsula* that made history: it was the first ever South African film to compete for the Palm D'Or, the festival's most prestigious award. It did not compete in the main competition, but made it into the Un Certain Regard category. Shawn Slovo's *A World Apart* won the Special Jury Prize, but my money was on *Mapantsula*... though not as technically proficient as this British-made drama, *Mapantsula* is an infinitely more complex, critical and revolutionary film.

Later academics and critics hailed *Mapantsula* as part of a new wave of anti-apartheid cinema which included Darrell Roodt's *Place of Weeping*, *Jobman* and *The Stick*, Helena Nogueira's *Quest for Love*, David Wicht's Windprints, David Bensusan's *My Country, My Hat*, Manie van Rensburg's *The Native Who Caused All the Trouble*, Jurgen Schadeberg's *Have You Seen Drum Recently*, *Shotdown* and *The Schoolmaster*.

Actually, *Mapantsula* represents the crest of that wave, but it would be silly to say that *Mapantsula* was the first film to tell a South African story from a black point of view - as foreign journalists often described it. Certainly and others used a black point of view - *Jobman* and *Windprints* share the theme of the relationship of crime and politics - but presented their characters merely as passive victims. *Mapantsula's* pov differs from the bound-for-the-American-market films like *Cry Freedom*, *A Dry White Season* and *A World Apart* in that it concerns the conscientisation of an apolitical black man. The others depict the conscientisation of middle-class whites (a journalist who befriends Steve Biko, an Afrikaans teacher and the teenage daughter of activists) in Hollywood terms.

Mapantsula's uniqueness lies not necessarily in its subject matter, but in its style, technique, intention and its hijacking of an existing genre (the gangster film) to political ends. Unlike other anti-apartheid films in which the protagonist is black, *Mapantsula's* central character is not a hero in the classic anti-apartheid sense: he is both victim and oppressor.

Made in 1987 during the third state of emergency, before the unbanning of the ANC and other organisations, before the release of Nelson Mandela, before an awareness of a "third force", before the exposure of the death squads, before Inkathagate, *Mapantsula* serves as a vibrant record of a historical period: it is a celebration of individual resistance and mass action in the mid-80s.

At the time of its early screenings it seemed miraculous that a good film which addressed social realities such as poverty, crime, exploitation and economic discrepancies between the ruling and oppressed classes, had emerged from the mire. Now it seems miraculous that it was made at all.

The assumption among many foreign journalists was that scripts were subjected to a process of pre-censorship, is not entirely accurate. All scripts had to be submitted to the Department of Home Affairs when applying for work permits for foreign film workers. This functioned as a sort of informal warning about a film's content. Nevertheless, Schmitz was taking no chances. "Working in documentary film, I knew that a lot of footage got confiscated and I didn't want this to happen. I wrote a dummy script about a gangster that I could use as a backup if anyone questioned what we were doing. I depoliticised it," says Schmitz.

Ironically, the riot scenes were shot on the backlot of Heyns Films in Rivonia. "We were there for one and a half days," says Schmitz, "and there was a commercial being shot at the other end of the set. When we burnt tyres, the smoke interfered with their shoot." The location was hired as a matter of course from the Heyns management, but the production team were worried that someone would discover that what they were shooting was not a regular gangster film. The security branch came knocking when the film was in post-production and a video copy (which was subsequently lost) was duly handed over.

The Directorate of Publications passed *Mapantsula* for release on video, but banned it for release in cinemas on the grounds that it "has the power to incite probable viewers". That the censors regarded the film as a danger to the state, must be taken as a compliment: "The effective closing scene communicates a clear message to the viewer: refuse co-operation with the authorities and side with the rebellious elements in black society. Thereby the state becomes powerless to act against subversive organisations."

Despite the fact that the political terrain is infinitely changed and more difficult to decode rationally, *Mapantsula* remains an original and well-wrought film. I'm not entirely sure if it can be regarded as "popular entertainment" - it is stylistically sophisticated, appeals to the intellect and is never violently explicit - but I'm sure it will be popular.

Because it functions at a symbolic level and not merely as a vehicle for a story, *Mapantsula* will continue to have something valid to say about the incongruities implicit in the individual's relationship to society. *Mapantsula* eschews the Holly-

wood formula, demystifying the township, defusing myths about black life and desensationalising the struggle.

"Mapantsula catches the complex relationship between Soweto residents and Thema/Panic with a contemporary realism that manages to avoid both romanticism and moral a priori condemnation of the hero," writes Mark Beittel in *The Journal of South African Studies*.

The film is centred around the activities of a petty thief and small-time gangster named Panic, Themba or Johannes, depending on where he finds himself, and his relationships. He's a survivor without a conscience and shows a total disregard for the work ethic (read: capitalism). The relationship of a defiant subculture to the status quo is explored and can be seen in a similar light as working-class movements like Britain's punks, teddy boys, mods, rastas and skinheads.

"*Mapantsulas* glide as if on ice, a super-confidence masking insecurity and social and political ignorance. This form of ostentatious expression is culled from American gangster (film noir) movies of the '40s, and more recently, disco dancing popularised by *Saturday Night Fever*," writes Keyan Tomaselli in *The South African Theatre Journal*.

"*Mapantsula* the film is about class indentity and contradiction. Mapantsulas aspire to affluent lifestyles. But the discursive identities they create for themselves within criminal gangster practices often block the achievement of class consciousness. The film, then is about resolving the contradiction between an individual's anti-social behaviour and the better life the politicised 'comrades' offer, but could not deliver at the time of the film's making... Panic plays out multiple identities, reflective of the social and personal schizophrenia caused by apartheid." What Marxist critics forget is that criminal activity is in itself a creative act of defiance against the status quo - one need only to read the works of thief (!) and playwrite Jean Genet, who has explored both in life and in art the subversive implications of style.

At an allegorical level the film shrewdly seeks to reconcile personal and political defiance, and show how daily experience is encoded in subculture. Thomas Mogotlane perfectly captures the character's surliness, his disaffection, his dis-ease and his bravado.

It all sounds dreadfully earnest and didactic and sometimes it is, but no accusation comes unsubstantiated. Schmitz and Mogotlane's approach is analytical and rational, taking the viewer step-by-step through a process of political evolution which is at times too glib. But Schmitz's use of understatement, both in his direction of his performers and the organisation of his shots, is exemplary. Budgetary constraints seem to have been sufficiently circumvented, the long scenes with few cuts lending the film its lyrical and contemplative character.

Panic's interrogation and the events leading to his incarceration are intercut in a non-linear narrative which becomes confusing towards the end. In retrospect, the scriptwriters could have exploited the comedic potential of the Mapantsula subculture more effectively.

The subculture is expressed through the use of language. Initially, says Schmitz, Mapantsula was to be shot in English, without regard for the political significance of language. But as the crew watched the first rushes, they realised that the film would be stilted if only English was spoken. After a lot of resistance from the local producer, Max Montocchio, Schmitz and Mogotlane got their way. As they went along, they translated the script into Afrikaans and tsotsitaal (a pungent and musical amalgam of Afrikaans, Zulu, Sotho and other indigenous black languages).

A quite ingenious device is employed to question ideologically mediated constructions of reality - Panic is drawn into a sort of "tragedy of errors" when the police assume that he is more politically involved than he really is and attempt to force him to act as an informer on the grounds of a video filmed at a funeral. His failure to comply with the police immediately.

Mapantsula and Spike Lee's *Do the Right Thing* make for a fascinating comparison. Mapantsula scores particularly in the area of women's rights: while Lee condones and accepts the sexist attitudes of his male characters and women play a largely decorative role, the women in Mapantsula carry the symbolic burden of apartheid and represent an entire spectrum of African women.

Panic's lover, Pat (Thembi Mtshali), is a domestic servant who is abused on the one hand by her white employer and on the other hand by Panic. When she is fired (as a result of Panic's violent physical outburst), she leaves Panic and attempts to take political action, thus empowering herself at a social and personal level. The sangoma is portrayed not as the deranged harridan of countless "blaxploitation" films, but as the voice of reason who advises Panic on his future. His landlady (played by Dolly Rathebe) represents the conservative and conformist elements of black society: she is moved to action when personal tragedy strikes.

Ultimately the film is about the integration of personal and communal empowerment: "It leaves the audience with something affirmative and that is good. Whatever I feel about the film technically, it encapsulates a certain time," says Schmitz.

Breaking the Cinema Monopoly

GETTING *Mapantsula* past the censors was not the only problem encountered by Jeremy Nathan to whom the film's distribution has been entrusted.

After a three-year battle to acquire a cut-free cinema release for the film, Nathan came up against the monopolistic owners of the cinema chains.

"Ster-Kinekor refuses to even talk about a release," says Nathan. The reason given for the lack of interest is that certain kinds of South African films do not draw audiences.

According to Nathan Ster-Kinekor's refusal to screen a film dealing with South African Life seen through the eyes of a black character is illogical since the group is at this moment developing cinemas in black areas. Nathan reminds us that Ster-Kinekor is owned by Interleisure, who in turn are owned by Sanlam, one of the five companies that monopolise South Africa. The group allegedly has Broederbond connections.

Nu Metro, on the other hand, has been a lot more amenable to "alternative" films, having exhibited (Fawo distributed) *A World Apart* and *The Stick*. "While Nu-Metro were keen to assist, they were not very enthusiastic."

Nathan, as *Mapantsula*'s distributor and a member of the Film and Allied Workers Organisation, believes that it is possible to break the monopoly. He has opted for an urban and township release in independent cinemas. "Independent cinemas are coming to me. We want to create a network of independent cinemas and get the community involved."

Mapantsula opens today in the New Good Hope Entertainment Complex in midtown Johannesburg (the old Market Street Nu Metro), the Thari, near the Johannesburg station and the Cine Lux in Natalspruit, Soweto.

"At last South Africans will have a chance to judge this film for themselves."

Oh

FOR THE SCENT OF AFRICA...

The Australian executive producer of *Mapantsula*, **DAVID HANNAY,** without whom the project would not have got off the ground, came under extreme pressure from the Australian film industry for breaking the cultural boycott. Says director Oliver Schmitz: 'He took an important stand in a situation where a lot of other people would not, who merely stood on the sidelines criticising and did nothing to fight apartheid.' Eventually, Hannay received the 1988 Human Rights Australian Film Award for his contribution to the film. His feature film credits include Sandy Harbutt's international box office hit, Stone, the award winning New Zealand feature, Solo, the World War II dramas Death of a Soldier and Emma's War and Bill Douglas's award winning masterpiece, Comrades. Hannay writes from Sydney...

David Hannay, the film's Australian producer
(Pic: Andrea Vinassa)

AS I flew out of Johannesburg on Wednesday July 13, 1988, bound for Harare, and then home to Australia, a deep sadness such as I had never felt before overcame me. I was leaving South Africa, a place and people I had come to love. I did not know when I would return, or even if I would be able to return.

Two years previously, in April 1986 in Cannes, I had met a young South African producer - Pierre Montocchio. This chance meeting was to invlolve me in the most important film of my professional and personal life - *Mapantsula*.

The intensity of this experience is, to non-South Africans, difficult to understand. It wasn't just a film, a work of art, a political experience. It was all that and much more. It was an emotional, intellectual and artistic experience which engulfed me entirely, and involved me with an extraordinary group of committed people such as I had never encountered before - South Africans whose love for their country transcended even the most terrible aspects of their environment, and enabled them to work for change through the use of their art, craft and intellect.

I was swept up in their youth, energy and enthusiasm. I was stimulated by their passion, their ideals and their hopes. That I was able to bring my experience and skills, acquired over 30 years as a filmmaker, to support them was and is the greatest experience I could possibly have wished for.

As I sit here in my office in Sydney, in the midst of the production of my current film [*Shotgun Wedding*] I still feel an overwhelming sadness. I still have that enormous longing to return to South Africa and be with my friends again. Nothing that I have done, either before or since, has matched or is capable of matching that experience.

After three years of struggle I am delighted that *Mapantsula* is at last to be released in South Africa, the country and people for whom it was made in the first place. The acclaim it has received around the world, the success it has had internationally is meaningless if South Africans ar unable to participate in the experience and see their picture.

I want to thank Afravision, and particularly my friend Jeremy Nathan, for the enormous effort and commitment that has been put into the release of Mapantsula in South Africa. I am delighted for my friends that their work has at last going to be seen by their own people. I also want to thank Oliver Schmitz and Thomas Mogotlane for welcoming me into their hearts, into their lives, and enabling me to share in and contribute to their vision.

Oh, to have the scent of Africa in my nostrils again.

'Tit' terugflits na Jo'ies in die '70s

TEATER: NICE PEOPLE, THE JONESES
Met Joanna Weinberg, Gaby Lomberg, Lana Green, Mokhabi Tyelele en Thabelo Mofokeng
Regie: Neil McCarthy

CHARL-PIERRE NAUDé

HIERDIE genotlike musical gaan oor die lewe in en rondom Johannesburg. Dis 'n nostalgiese blik op die jare sewentig: immigrasie na die sonnige land, bell-bottoms, platformskoene, David Bowie, inskiklike swartmense, blanke kinders met 'n "tit" toekoms, en die einde van die Gold Boom. Oepsie.

Soweto se opstand. Sepies langs die swembad, en die begin van die Totale Terugslag.

Die kultuur van die jare sewentig was in Suid-Afrika 'n vreemde mengseltjie deurgesyferde invloede van oorsee en 'n idiosinkratiese interpretasie daarvan. *Nice People the Joneses* roep al hierdie herinneringe terug. Die teks is dun, maar dit werk. Aan die einde het die gehoor op die musiekmaat hande geklap.

'n Gesin van Engeland, die Joneses, trek in. Die oop stuk grond langs hul huis word die aflaaiplek van hul gebruikte kratte, en die bymekaarkomplek van die buurt se dogters. Die opgeskote limey Madeleine, puik vertolk deur Lana Green, ontmoet Ralene (Joanna Weinberg) en die voorwaartse Portugese meisie, Inez. Onder een van die kratte waar hulle bymekaar kom, woon 'n daklose swart meisie, Thelma, en Kwelana, die Joneses se tuinjong, wat haar kêrel word.

Die milieu is 'n mikrokosmos van Suid-Afrika, gesien deur die oë van kinders: Pôra, crunchie, soutpiel, limey, moents. Die agterdog en geveinsdheid teenoor mekaar versteek 'n fassinasie en kameraadskap wat deur valse selfdefinisies ontken word.

Die swaarwigtige tone in die teks word gekontra-balanseer deur die musiek, wat die hoop op harmonie uitdruk. Weinberg se pragtige teks moet die eerste pluimpie kry. Sy het ook die heerlike musiek geskryf. Die hartlike humor is deurgaans snaaks en 'n inkleurboek van die era: vul in jou eie kleur bell-bottoms en hare. En veral die bekoorlike, ontspanne spel van Weinberg en Tyelele, verdien vermelding, veral Weinberg se uitdrukkingsvolle gesigspel.

Maar musikaal was die ballades soms 'n bietjie eentonig - 'n rockliedjie hier en daar sou die nodige knypie sout byvoeg - en Weinberg se oulike lirieke plek-plek rymelary. Die harmoniese gevoelens van die karakters teenoor mekaar in die lirieke - wat hul verborge versugtings uitbeeld - word nie geloofbaar genoeg uit die dialoog - wat die storievlak uitbeeld - gemotiveer nie.

Die stuk is nie te idealisties nie. Dis bedoel om ontvlugting te bied sonder om werklikhede te ontken, en slaag hierin.

Hierdie formule van Weinberg/McCarthy is dalk die thinking person se antwoord op Pieter Toerien.

die week by die
MARK-TEATER

BABY COME DUZE PRODUCTIONS
bied aan
BABY COME DUZE
Geskryf deur Mothobi Motloasi; regie deur Patrick Shai
'n Viering van Sophiatown

Maan - Vry: 8nm, Sat om 6 en 9nm.

UPSTAIRS BY DIE MARK
Hunt/Jaffit Productions
bied aan
Joanne Weinberg se nuwe musiekspel
Nice People the Joneses
Regisseur en ontwerper: Neil McCarthy
Met Lana Green, Gaby Lomberg, Weinberg, Motsbabi Tyelele en Thapelo Mofokeng
Musiek: Peter McLea; choreografie Adele Blank

Maan - Vry: 8.15nm Sat 6.15 en 9.15nm.

DIE LAAGER-TEATER
Hunt/Jaffit Productions bied aan
A Rosie-Coloured Spectacle
Regie deur Andrew Buckland
Met Soli Philander, Lindsey Orbach, en Ms Rosie September

Maan - Vry: 8.15nm Sat 6.15 en 9.15.

KIPPIES
Collaboration
Dins - Don R6, Sat middag R6, Sat aand R12

MARK GALERYE
KERAMIEKWERK DEUR DIE WITS-TECHNIKON STUDENTE

VLOOIMARK
9 vm-4nm Saterdae

Telefoon(011) 832-1641
Bespreek by Computicket
H/v Breë- en Wolhuterstrate, Newtown, Johannesburg.

Motshabe Tyelele en Lana Green in *Nice People the Joneses*

PLACE *of* PARADOX

Get away from the 'burbs, live in Troyeville where urban blight and Victorian glory stand cheek by jowel. **ANDREA VINASSA** does

"Beauteous in its natural loveliness, with a view of the rugged hills on either side and the picturesque vale beneath, the limpid stream in the distance, the view of the city stretching round... " These were the words used by Morkel and Du Toit in 1889 when they advertised stands in *The Diggers News* for the newly proclaimed upmarket township of Troyeville. One hundred years later Troyeville and the adjacent areas of Fairview and Jeppe are widely quoted as typical examples of urban blight.

A city councillor in the '50s described the area as a haunt for "ducktails and juvenile delinquents". A survey in 1965 found it attracted "low income groups including many coloureds and misfits". So, Troyeville became a "grey area", a forgotten suburb where only the Portuguese immigrants bothered with the upkeep of their dwellings.

Until recently Troyeville was the scene of many failed attempts at social engineering, but now a squatter colony has risen up across the road from a beautiful double-storeyed stone mansion (previously the home of the Salvation Army). The colony has established itself on the foundations of one of those nasty "urban renewal" houses which was never finished. These face-brick houses fenced in with razor wire stand cheek by jowel with elegant Victorian cottages, low-income semi's and the steadily encroaching industrial development.

Troyeville is a place of paradox: a place of filth and glory, creativity and spiritual impoverishment. Vagrancy, muggings, domestic violence and illegal dumping are part and parcel of life. The streets are hostile, full of desperados - not a jogger's paradise. There have been two murders since I moved in a year ago. The park toilets are home to two male prostitutes from Cape Town who sally forth every day in blonde wigs and dresses. Across the road a block of flats houses several employees of the Jeppe police station. There are six churches in the space of three or four blocks - from Portuguese Baptists to Christian Scientists.

There seems to be a concerted effort to save this quaint old suburb, with the best view of the Hillbrow skyline, from total decay. Many Troyevillites arrived seeking refuge from the gentrification, yuppiefication and rastafication of Yeoville. Fringe artists found Yeoville rents becoming steadily unaffordable and came to claim the huge, derelict Victorian mansions and corrugated iron cottages. The parents of children who grew up in nice middle-class homes still can't quite get their tongues around the word Troyeville.

"The Gandhi House", a triple-storeyed mansion in which Gandhi lived, is now being restored to its former magnificence by architect Michael Hart, who plans to live there.

Troyeville is inhabited by a veritable Who's Who of interesting people looking to escape the 'burbs: film producer Jeremy Nathan, cinematographer Giulio Biccari, artist Robert Weinek, *Market Antiquarian Bookstore* owner Catharina Weinek, *Star Tonight!* theatre and film critic Darryl Accone, *Star Tonight!* music critic Glynis O'Hara, "furniture artist" Steven Cohen, actor Dawid Minnaar, actress Megan Kruskal, actor, writer and filmmaker Matthew Krouse, painter Simon Stone, Insig arts writer Cas van Rensburg, film editor Shelly Wells, Market Theatre managing trustee John White-Spunner and his fianceé actress Lydia Hannibal, painter Debra Edmeades, actress Mari Human, Via Afrika's Lucas Luislang, ceramist and painter Giovanna Biallo, fine arts critic Hazel Friedman, *Sunday Times* consumer writer Gwen Gill, *Weekly Mail* arts editor Charlotte Bauer, *Weekly Mail* management consultant Clive Cope, *Weekly Mail* co-editor Irwin Manoim, Wits art lecturer Rhoda Rosen, film makers Lee and Henion Han. painter Helen Sebidi and sundry artists inhabited a sort of artist's colony.

For those allergic to the trendiness of Yeoville and the cottageyness of Melville - here you can own property and still feel like you're living on the edge.

KAPITALISTIESE VERVREEMDING *kan oorwin word!*

JOHAN BRUWER besoek die **Newtown Galleries** se tentoonstelling oor stedelike gebruikskuns, *Urban Artefacts,* wat tot 21 Desember te sien is. *Die galery is van 11vm tot 8.30nm oop*

DIS jammer Vincent van Gogh kry nie 'n tydmasjien in die hande en kom kuier 'n dag of wat in Johannesburg 1991 nie. As hy gaan inloer by die versameling van stedelike gebruikskuns in die Newtown-galery, kan dit hom baie opbeur.

Veral die nagemaakte sonneblomme, wat so ongeërg kunsmatig op hul draadstingels balanseer, kan hom help om van daardie angst ontslae te raak. Dalk hou hy sommer op om homself en sy kuns so ernstig op te neem, dan hoef hy nie op die ou end so mismoedig te raak daar tussen die koring en die kraaie nie.

Dis ook jammer Michelangelo wil nie 'n tydjie afknip om van sy stellasie af te klim nie. As hy net na Rip Torn Hallelujah se *Sheriff Jesus Painting* met sy stralekransraam van draad en weerkaatsers wil kom kyk, sal hy dalk nie meer die Sixtynse Kapel-plafon met soveel melodrama tref nie.

Hallelujah se blink-goedkoop versiering is natuurlik glad nie so imposant soos Michelangelo se peperduur conversation piece vir die Pous nie. Maar dis baie dierbaarder en maak jou lus om 'n rukkie by die kunstenaar te gaan kuier - wat Michelangelo se muurwande nie doen nie. Jy sal te skrikkerig wees vir 'n man wat so obsessief raak.

Dis ook jammer die ou farao's van Egipte wil nie 'n bietjie kom browse en veral kyk na African Magic "Billy" se beelde *Man* en *Woman* nie. Dan sal hulle sien jy hoef nie duisende slawe dekades lank te laat swoeg en sweet om jou merkie op die materiële wêreld te laat nie. Vleg bloot 'n paar stukke draad met vernuf - en siedaar, jou siel lewe voort daarin.

Stedelike Artefakte? Dis 'n effens formele naam vir 'n versameling skeppings wat juis formaliteit ontken, maar dit gee miskien die beste beskrywing van die weird en wonderful reënboog van stukke wat te sien is op Ricky Burnett se estetiese (of anti-estetiese?) vlooimark vir die Kersgety.

Die stukke is 'n poging om die onpersoonlikheid van die nywerheidskultuur en sy meganies eenvormige produkte teen te werk. Elke Coke-blikkie lyk dieselfde en ontken daarom individualiteit. Hier word dit reggestel deur Coke-blikkies op te sny in klein figuurtjies en hulle op hul beurt in 'n vrolike mobiel te rangskik.

Krukaste is normaalweg kil-funksionele objekte. Hier word hulle op 'n voetstuk staangemaak en kry hulle 'n sitplek bo-op, oorgetrek met shocking pienk kunswil, om kroegstoeltjies te word.

Die gebruik van objekte buite hul normale konteks het 'n amusante effek. Die grootste gemene deler van die versameling stukke is waarskynlik die vriendelike beroep wat hulle op die kyker se humorsin doen.

Anders as "grootse" kuns maak die stukke merendeels nie geniale stellings aan die kyker nie. Hulle vra die kyker stilweg of hy of sy nie saamstem dat dit pret is om dit so te doen nie.

Die meeste van die plesierige dinge is as dekor bedoel - die kunssaal lyk, om die waarheid te sê, soos 'n enorme vergroting van die sitkamer van 'n tipiese Yeovilliet. Dis die lewensdekor van 'n geslag wat formaliteit verwerp omdat hulle al gesien het hoe maklik formaliteite tot fascisme kan lei. Hier is niks wat grootsheid of magtigheid suggereer nie - die beweging is na die kleine, die intieme, die absurde, eerder as die ernstige en die grootse.

Só lyk die kunstenaar Steven Cohen, wie se "politieke meubels" ook in die Newtown Galleries te sien is, se ateljee in Troyeville.

Tussen die speelse dekorstukke is daar heelparty suiwer kunswerke. Martin Mitchell se stoele wat uit karton gevorm is, is nie net funksioneel nie, maar beeldhouwerke met 'n skoon, klassieke eenvoud.

Shaun MacArthur se *Fork Bench* en Duncan Taylor se *Crayfish Lamp* beweeg verby kitsch na die surrealistiese. Ook David Rossouw se *Shiva* van swart metaalplaat boei 'n mens sterk en by James Taylor se *Magnifying Glass* kan jy ure lank staan en tuur in die onpeilbare dieptes van die "blinde oog", soos 'n vriend van my dit noem.

Garfield Taylor se figuratiewe *Clocks* pols met 'n deernisvolle hart en min dinge kan so plesierig onskrikwekkend wees 'n M Jay Watkins se *Transistacollectafarian Dog*, gemaak van houtstompe versier met weerkaatsers, lampe, diverse studs en blinkertjies en met die byskrif: "Urban artists reprocessing manufactured en dumped materials into awe-inspiring contemporary artefacts."

Daar is 'n klompie baie treffende skilderye. Walter Meyer se *Brooklyn Circle* som met 'n satiriese surrealisme die leë absurditeit van die Pretoriaanse kapitalisme in Afrika op - 'n meesleurende werk.

Margaret Vorster steel ook mens se hart met haar slate paintings - klein skilderye op leie wat jou na jou kindertyd terugvoer. En twee skilderye wat jou lank laat stilstaan met hul skerp siening en fyn gespanne lineêre komposisie is Alfred Thoba se *Political Food* en *Garden of Eden.*

Maak gerus 'n draai by die tentoonstelling. Jy sal daarna nie meer bang wees vir onmenslike fabrieke of skrootwerwe nie, maar hulle eerder sien as geleenthede vir die verbeelding.

Kapitalistiese vervreemding kan oorwin word! (Net jammer baie van die goed is so duur.)

kleinadvertensies

PERSOONLIK/PERSONAL

Chris: 'n mokkie bly maar 'n mokkie

H. Ek wens ek kan my hele lewe lank sit en kyk hoe jy sjokolade eet. Ongekompliseerde liefde en geseënde kersfees. R.

Lisa-M : Liefde is ALLES - H

'Alles'

"There's nothing quite like urinating out in the open" - Dale

Oom PW: hou op soek na vermisde bande en kyk liewers Sonkring - van Kosie van Tottie

AFRIKAANSE MEISIE
Wil jy graag 'n kans hê om jou geleenthede oorsee te ondersoek? Hier is 'n Suid-Afrikaanse man wat na jou verlang. Ek soek 'n langtermyn-verhouding met 'n avontuurlike meisie wat in die kunste belangstel. As jy ook bietjie Sotho of Zoeloe praat/verstaan, sal ek baie bly wees.
Ek is 'n skrywer, toneelregisseur en koreograaf (S.A. dans) in Toronto. Ek lees graag, luister na jazz en klassieke musiek, geniet die teater, partytjies, ski in die winter en tennis in die somer. My droommeisie is tussen 18 en 27 jaar oud, onbevooroordeeld, progressief en vriendelik, asook gewillig om in Kanada te kom woon. Vir die regte meisie sal ek help met die koste van 'n vliegkaartjie en die Kanadese immigrasieproses, as jy sal belowe om 'n stukkie biltong saam te bring.
As jy werklik belangstel, skryf asseblief (en stuur 'n foto) aan: Edwin Rodgers, 105 Bedford Rd, Toronto, Ontario, M5R 2K4, CANADA. My faksnommer is 091-416-777-2242.

ACCOMODATION/VERBLYF

2 Bedroom flat (Gainsborough Mansions) in Berea, available immediately. Furnished/unfurnished with parking available, R1 000. Contact Eve: (011) 789-3178 (w) or 803-8111 (h)

Benodig: verblyf vir twee (huis, woonstel, kommune) in Kaapstad vir Desember. Huis in Johannesburg moontlik in ruil daarvoor. Skakel Steven Kuny: 833-2004 (w), 614-1483 (h).

One person 22 - 30 required to share lovely semi- with two others in Kensington. R450 including domestic and electricity. Tel: Candice (w) 442-8982 or (h) 614-1765. Occupation as soon as possible.

Woonstel te huur in Langstraat - Kaapstad vir Desember/Januarie. Bel (021) 483-4270 (werk) of (021) 461-1562 (alle ure).

DIENSTE/SERVICES

Let us help you with your washing & ironing. See Ethel, 7A Hendon Street, Yeoville (just after the Harrow Rd intersection). We are open 7 days a week, 7.00 am to 7.00 pm. Our prices are reasonable, our service is excellent - especially for single people.

Are you sick and tired of the New South Africa? Hard to get information of how to obtain a foreign passport. Send R55 cheque/postal order to: SkipSA, P O Box 124, Hobhouse, 9740.

FLOTATION TANK: relax body and mind in a warm peaceful zero-gravity environment. SHIATSU THERAPY - Japanese therapeutic system - improves health, by removing fatigue causing elements and stimulating the body's innate recuperative powers. Tel Jen (011) 435-7721

Translations done in Afrikaans, English, French, Spanish & German. Tel: (012) 546-1925

ACUPUNCTURE: Calms, strenghtens & stops pain. It can treat or prevent many illnesses by addressing their root causes. Tel: (011) 643-4418 Sarah Hewland, Dip.Ac(UK), Clin, Cert(Nanjing)

If your HUMAN RIGHTS have been VIOLATED while under the treatment of a PSYCHIATRIST, call Citizens Commission on Human Rights NOW! Tel: 833-7271 or P.O. Box 710, Jhb, 2000.

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577

DIENSPLIG ADVIESDIENS
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel:
Durban - (031) 301-5663 Richard (w)
Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h)
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm)
Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

VISUAL ART COURSES
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

EVENTS/GEBEURE

YEOVILLE COMIX WORKSHOP
Learn a new skill during the holidays - workshops in Scripting & Drawing for scholars & adults as given at the Grahamstown National Schools Festival. Contact Sididis (011) 648-4694

Introducing: 'THE MOST AMAZING CHRISTMAS MARKET', Momentum Arena - Pretoria.
Sat. 30 Nov 1991 (11:00 - 23:00)
Sun. 1 Dec 1991 (11:00 - 17:00)
Come and enjoy the biggest ever indoor market, and do your christmas shopping right through the night! Selected exhibitors, beer garden, tea garden & sit-down meals. Enquiries - Elisia Strydom: (012) 63-2461 (all hours)

Iets anders? Probeer die Irene Village Mark - Smuts Huis Museum, Sat 14 Des, vanaf 9-2. Bring die hele gesin en doen u kersinkope in 'n rustige en ontspanne atmosfeer. Kunswerke, klere, beelhouwer, organiese groente en veel meer. Skakel (012) 667-1659.

MARK/MARKET

PHAMBILI BOOKS:
Huge selection of Academic Titles
22 Plein Street
Tel: (011) 29-4944
WANTED: Second-hand, Left Wing Books in good condition.
Phambili is buying
Open:
Mon-Fri 9h00-17h30
Saturday 9h00-13h00
Sundays 13h00-17h00

Om 'n advertensie op dié bladsy te plaas, bel vir **Louwrins Potgieter** by (011) 836 2151, stuur 'n faks na 838 5901 of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Dit kos R15 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan. Persoonlike advertensies korter as 25 woorde sal gratis geplaas word.

Die spertyd is Dinsdagmiddag 5 uur voor publikasie

SÊ JOU SÊ OF STUUR 'N OU BOODSKAPPIE

Die afdeling "Persoonlik" in ons Kleinadvertensies is 'n lekker plek om te sê wat jy dink of iets uit te blaker wat jou lankal hinder - of natuurlik om aan 'n vriend en/of vyand 'n boodskap te stuur. Of om aan te kondig dat jou vriend swanger is/nie swanger is nie. Dit is boonop gratis, solank jy dit onder 25 woorde hou. As dit langer as 25 is, kos dit R15, maar dit mag nie langer as 50 woorde wees nie. Laat hoor van jou!

non-racial, democratic, non-sexist, non-hetero-sexist, non-ageist, non-regionalist, non-elitist, nuclear-free and ozone-friendly.

but never, never PC (Politically Correct)

***Vrye* Weekblad**

THE BILINGUAL NEWS MAGAZINE THINKING SOUTH AFRICANS DESERVE

Om by te bly met die **vinnig veranderende** tye is deesdae nogal moeilik. Om vóór te bly, het jy *Vrye Weekblad* nodig. Teen net 30,8 sent per dag. So: vul dié vorm nou in en stuur saam met 'n tjek of 'n posorder vir R110 *(vir 'n jaar, AVB en aflewering ingesluit)* of R50 *(vir ses maande, alles ingesluit)* aan:

Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113. Vandag nog.

Naam.....

Adres.....

.....Poskode.....

REIK NA DIE HEMEL, *trap op die aarde*

Die **pendeltuig-tegnologie** beteken heelwat vir algemene tegnologiese ontwikkeling, maar weeg dit op teen die skade aan die omgewing en die astronomiese koste? Die omgewingspesialis **TIENIE DU PLESSIS** *bekyk die kwessie*

DAAR gaan hy! In 'n verblindende lig wat die borrelende rookwolke rooi, blou en vuil-wit verkleur, selfs in die na-nag. Dit is die prentjie wat Suid-Afrikaners Maandagoggend op TV-nuus gesien het - die vierveertigste missie van Nasa se pendeltuig.

Hierdie keer weer, soos baie kere van tevore, is daar 'n militere vrag aan boord wat in die ruimte ontplooi sal word. Die ruimtetog sal tien dae duur. Die aard van die vrag en die doel word deur die Amerikaanse militêre establishment versluier, maar dit het waarskynlik met die Star Wars-projek te doen.

In Mei vanjaar het beamptes van die Amerikaanse Strategic Defense Initiative (SDI, of die sogenaamde Star Wars-projek wat president Ronald Reagan in 1983 van stapel gestuur het) 'n pendeltog onderneem om te bepaal hoe die vrylating van uitlaatgasse van ballistiese missiele en ander chemiese stowwe in die ruimte sal lyk.

Dit was die eerste keer dat so iets dopgehou is en hierdie data sal help met die opsporing van vyandige missiele in die ruimte.

Die Pentagon is reeds besig met die ontwerp van 'n hoë tegnologiese skild oor die ruimte van Amerika wat "Project Brilliant Pebbles" genoem word. Dit is die ontplooing van duisende klein geleide missiele om inkomende vuurpyle te onderskep. Teen 1994 moet die Amerikaanse president 'n besluit neem oor die toekoms van die SDI. Maar 'n inkorting van een biljoen dollar staar Nasa in die gesig en in die nuwe internasionale politieke atmosfeer (hier op aarde) kan selfs die Pentagon monetêr verstik.

Die militêre prioriteite van Nasa se ruimteprogram lok lank reeds kritiek uit. Wetenskaplikes van dwarsoor die wêreld kla dat hul vakgebiede afgeskeep word. Maar tydens die oorlog teen Irak het die Pentagon goeie bewyse gelewer dat geld vir hulle eie ruimtenavorsing (volgens hulle) nie in die water gegooi is nie.

Verskeie hoogs-gesofistikeerde verkenningsatelliete (KH-11's of sogenaamde Keyholes) is in nuwe bane geplaas sodat Irak met 'n arendsoog dopgehou kon word. Hierdie satelliete volg 'n eliptiese spoor om die aarde en op die laagste punt van hul trajek is hulle 250 km bo die grond.

Met kragtige optiese sensors kan voorwerpe van tussen 15 tot 20 cm in deursnit duidelik waargeneem word. Saddam Hoessein kon nêrens skuil nie.

Indien die weer nie saamspeel nie, of die rookskerm van brandende oliepunte die sig verduister, het die Amerikaners die Lacrosse-radarsatelliet gebruik. Lacrosse skandeer die aarde 24 uur per dag in enige weerstoestande en objekte tussen een en drie meter in deursnit (en natuurlik groter, soos 'n Scud-lanseerder), kan opgespoor word. Die koste verbonde aan die ontwikkeling van hierdie tegnologie moet eenvoudig astronomies wees.



Atlantis met sy sploensatelliet blaas die ruimte in

Die groen bekommernis van 'n atmosfeer besoedel deur 'n voortdurende pendeltuigprogram begin nou egter alle ander kritiek oorheers. Die argument het onlangs stukrag verkry met 'n verslag van Steve Aftergood, 'n analitiese wetenskaplike van die Federation of American Scientists, 'n private navorsingsdrukgroep in die VSA.

Die honderde mense wat opdaag om elke lansering van die pendeltuig te aanskou, word deesdae deur Nasa gewaarsku dat die poeieragtige afval wat na 'n lansering in 'n tien km radius om die Kennedy Space Centre neerdaal, die verf op hulle motors kan beskadig. Nasa stel voor dat besoekers hulle voertuie met 'n oortreksel bedek. Hierdie suuragtige damp, afkomstig van aanjaag-vuurpyle, dra ook by tot die vernietiging van die osoonlaag.

Tagtig persent van die krag wat benodig word om die pendeltuig van die aardbodem af te lig, lê in die twee aanjaers. Soliede dryfmiddel is digter as die vloeibare tipe en veroorsaak dus 'n hoër druk in 'n kompakter vorm wat die aerodinamiese eienskappe van die pendeltuig verhoog. Die bestanddele van dié dryfmiddel is die brandstof - verpoeierde aluminium (15 persent) en 'n oksideerdmiddel, ammonium perchloraat, (70 persent), wat met 'n koolwaterstof-polimeer bindmiddel en ysteroksied as katalisator vermeng word.

Die ontbranding van die mengsel veroorsaak gasse met 'n geweldige potensiaal vir atmosferiese besoedeling. Tot op 500 meter bo die oppervlak word 24 666 kg waterstofchloried en 39 284 kg aluminiumoksied met elke lansering vrygelaat. Van 500 meter tot 13 km is die lesings 'n verdere 78 517 kg waterstofchloried en 26 385 kg aluminiumoksied. Hoër op, in die delikate stratosfeer (30 tot 50 km bo die aarde), lê die dun laag osoon, en hier word 59 732 kg waterstofchloried en 110 304 kg aluminiumoksied versprei.

